die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 382 • Junie 2025

# HERLEWING



ΑΩ
LIG IN DUISTERNIS

*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God – 1 Korinthiërs 1:23-24*

Junie 2025 | No. 382

# INHOUD

**DIE BOODSKAPPER** • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

## Geestelike herlewing

**REDAKSIONEEL**

**Ds. Schalk Strauss**
Herlewing vra goeie grond en diep wortels ........ 1

**AMPTELIK** ........ 3

**ONTVANG DIE WOORD**

**Ds. Pieter Malan**
Aardskuddend! Die krag van die Heilige Gees ........ 4

**HOOFARTIKEL**

**Ds. Schalk Strauss**
Jonathan Edwards en die merktekens van opregte heiligheid ........ 14

**ARTIKELS**

**Prof. Dolf Britz**
Andrew Murray en die geestelike toestand van die kerk ........ 18

**Dr. Adi Schlebusch**
Wanneer groter geestelikheid met geestelike herlewing verwar word ........ 20

**Ds. Danilo Stoltz**
Blaas die vuur aan! ........ 22

**Ds. Henning Dafel**
À Brakel en herlewing in die kerk ........ 24

**Hannes Noëth**
Herlewing: Om op te staan van onder die besembos! ........ 26

**AKTUEEL**

Bestek vir Bybelkenniseksamen 2025
Woordsoek ........ 17
Gemeentenuus ........ 29
Smeltoond: Oksimoron in "nederige pontifikaat" ........ **binne-agterblad**

**IN DIE SPORE VAN GISTER**

**Alana Bailey**
Herlewing: 'n Volk staan op uit die as ........ 34

**VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER**

**Pieta Oosthuizen**
Herlewing is 'n werkwoord ........ 35

**IN DIE VOLGENDE UITGAWE:**

**Die Julie/Augustus-uitgawe fokus op die eeufeesviering van die Afrikaanse taal asook die 150-jarige herdenking van die Genootskap vir Regte Afrikaners.**

**VOORBLAD:**
**Herlewing behels die wonder dat God lewe uit die dood verwek.**

**REDAKSIE**

Eindredakteur
Ds. HSW Strauss

Subredakteur
Mev. C Möller

Redaksielede
Di. RK Combrink, EC Trollip, A Hough

Advertensies en briewe
Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.*

**BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE**

**Gemeenskaplike Kerkkantoor**
Kerkkantoor en Boekwinkel
**Tel.:** 012 362 1390
Makoustraat 516, Monumentpark x2
**e-pos:** info@apk.co.za
**Webblad:** www.apk.co.za

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**
**Tel.:** 012 344 3960/1/2
**e-pos:** info@apa.ac.za
**Webblad:** www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:
BusinessPrint

Bladuitleg:
*Die Boodskapper:* M Langeveldt
*Jeugboodskapper:* R Grobler

Uitgegee deur:
Lig in Duisternis UITGEWERS
www.liginduisternis.co.za



# Herlewing vra goeie grond en diep wortels

**Ds. Schalk Strauss**

In sy weldeurdagte artikel "Geloftedag: 'n Geestelike herlewing onder Afrikaners?" bespreek dr. Danie Langner Afrikaners se hernude belangstelling in Geloftedag. Hy probeer die vraag beantwoord of die toename in die bywoning van Geloftefeeste op geestelike herlewing dui of nie. Hoewel hy nie 'n besliste oordeel vel nie, is hy versigtig optimisties.

**Hy sien veral tekens van herlewing in die feit dat Afrikaners wat voorheen die dag bloot as 'n vakansie- en ontspanningsdag deurgebring het, nou doelbewus kies om Geloftedag by te woon, en dat feeste al meer op die geestelike aard van die dag fokus.**

'n Mens kan nie help om saam met dr. Langner opgewonde te raak oor wat besig is om te gebeur nie, maar jy het ook begrip vir sy huiwering om die vraag na geestelike herlewing, met 'n onomwonde "ja" te beantwoord. Die rede vir hierdie huiwering is omdat ware herlewing nie bloot aan die bywoningsyfers tydens Geloftefeeste gemeet kan word nie. Dit kan een van die tekens van geestelike herlewing wees, maar ware herlewing behels uiteindelik baie meer. In hierdie Pinsteruitgawe wil ons graag hierop ingaan.

## Herlewing erken die werklikheid van 'n dieper stryd

Kenmerkend van die Slag van Bloedrivier was die Voortrekkers se bewustheid van die dieper stryd. Vir hulle was dit nie net 'n stryd tussen Voortrekker en Zoeloe nie, maar tussen lig en duisternis. Hulle het hierdie werklikheid erken en die stryd in God se hand geplaas omdat hulle vanuit hul diepgewortelde geloof in God Drie-enig geleef, en daarom besef het dat oorwinning net moontlik is as Hy die stryd voer.

In Suid-Afrika is ons baie bewus van die feit dát daar 'n stryd woed, maar dit is 'n vraag of ons die werklike aard en omvang daarvan besef. Ons maak soms die fout om te dink die stryd is teen die ANC-regering, BELA, plaasmoordenaars, onteiening sonder vergoeding, of die herskryf van ons geskiedenis. Dit is bloot die sigbare kant van hierdie stryd. Agter dit alles skuil die Bose. Dit hurk by die deur en soek na 'n geleentheid om ons te oorweldig. Dit is 'n stryd wat ten diepste op ons identiteit as Christen-Afrikaners gemik is, omdat dit ten doel het om ons van alles wat vir ons kosbaar is, te vervreem. Ons moet versigtig wees om te dink dat dit slegs 'n stryd om die behoud van ons volkskap is. Ten diepste is dit 'n stryd wat woed teen dit wat nog altyd die siel van ons volkskap uitgemaak het – ons Christelike geloof.

Hoe meer ons die werklikheid van hierdie stryd erken, hoe meer opreg en omvattend sal herlewing wees. Dit is 'n stryd wat nie by Bloedrivier begin of daar geëindig het nie. Dit is 'n stryd waarin elke mens betrokke is, want dit woed binne-in jou – of jou voorouers nou by Bloedrivier was of nie. Hierdie stryd sal voortwoed tot met die wederkoms, maar die finale uitslag daarvan is genadiglik reeds op Gólgota bepaal.

## Herlewing is veel meer as groter geestelikheid

Wie onlangs Geloftefeeste bygewoon het, kan getuig dat daar groot klem op die gewydheid van die dag geplaas word. Dit is egter belangrik om te vra wat die fokuspunt van daardie gewydheid is. Is dit die God van Bloedrivier en van Gólgota? Is dit die God wat ons voorouers vanuit hul diepgewortelde, gereformeerde geloofsoortuiging as die soewereine God aanbid het? Getuig ons deurbring van die dag dat ons dié God aanbid wat nie net 'n mens se *omstandighede* verander nie, maar ook jou *hart*?

Om vlae te swaai, kakieklere aan te trek, die ramshorings te blaas, die vierde vers van Die Stem of die Onse Vader met bewoënheid te sing, spreek van geestelikheid,

maar is nie noodwendig herlewing nie. Die Israeliete het ook met groot "geestelikheid" en met gewyde erns die goue kalf aanbid. Herlewing sluit nie hierdie geestelike handelinge uit nie, maar dit is nie daartoe beperk nie. Herlewing is veel meer as net groter geestelikheid. Herlewing vra dat dit wat dood was, weer lewend word. Dit vra gehoorsaamheid.

## Herlewing onderhandel nie, dit gehoorsaam

Nog 'n kenmerk van geestelikheid is dat dit godsdiens bloot as 'n middel tot 'n doel sien. "Geestelikheid" raak dikwels 'n onderhandelingsmiddel waarmee mense God probeer oortuig om weer "aan ons kant" te wees. Ons woon Geloftedag by, want as ons nie ons geloftes betaal nie, sal God ons nie seën nie. Wanneer dít die ingesteldheid is waarmee ons Geloftedag vier, plaas ons onsself, ons volk en ons ideale op die troon.

**Ons soek die *veiligheid* van God, maar ons sien nie noodwendig vir sy *heiligheid* kans nie.**

"As Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee ..." was nie transaksioneel nie, maar 'n daad van geloofsoorgawe. Daar was immers niks om mee te onderhandel nie, want as God nie vir hulle gestry het nie en hulle het verloor, was daar geen Voortrekker oor wat die rug op Hom kon keer omdat Hy nie sy kant van die ooreenkoms gehou het nie. Met hierdie gelofte het die Voortrekkers by Bloedrivier bely: Niks gebeur sonder sy albeskikking nie. Hulle het gekniel voor Hom aan wie alle mag behoort en wat sy kinders ter wille van sy Seun liefhet.
Ware herlewing begin deur die knie in gehoorsaamheid voor die lewende God te buig. Dit gebeur nie sonder 'n hartsverandering nie. Eségiël 36:26-27 verduidelik wat gebeur wanneer God mense se harte deur sy Gees verander:

***... [Die Gees] sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.***

Dit is die getuienis van nuwe lewe, of dan *her*-lewing.

Die 1838-Gelofte het nie uit die lug geval nie. Dit is nie soos 'n towerstaffie aangegryp as laaste wanhopige poging om die onafwendbare te vermy nie. Dit was die gevolg van 'n lewende verhouding met die lewende God. Die Gelofte spreek van 'n diepe verhouding tussen verlostes en hul God – 'n verhouding wat prakties uitgeleef is. Die Voortrekkers het nie eers van 9 Desember 1838 af besluit om meer "geestelik" te wees, omdat hulle God se arm wou draai nie. Hulle was Geesvervuld en daarom was hulle nie net afhanklik van God nie, maar ook gehoorsaam aan Hom. Hulle daaglikse lewens was 'n lewende getuienis daarvan dat God oor hulle regeer het: Hulle etiese norme en morele waardes is deur Hom bepaal; hulle het hul kinders in die vrese van die Here grootgemaak; hul verhoudings met ander volke was geskoei op die liefdesgebod – om aan 'n ander te doen soos jy aan jouself gedoen wil hê; die Dag van die Here was vir hulle heilig. Hulle het nie op volmaaktheid aanspraak gemaak nie, maar hulle wou die knie voor niemand anders buig nie.

Wanneer ons dus na tekens van geestelike herlewing begin soek, dan is dít waarna ons moet soek: gehoorsaamheid. Dit help nie ons buig net op Geloftedag voor God, maar verder leef ons soos ons wil nie. Herlewing sal sigbaar word wanneer egskeidingsyfers begin daal en die bed onbesmet is. Dit sal sigbaar word wanneer ons ons kinders weer in die vrese van die Here grootmaak, want hoe anders sal hulle met ons kan deel in die erkenning van Geloftedag as hulle nie die God van Geloftedag ken nie? Dit sal eg wees as ons harder vir 'n Christelike opvoeding as vir sekulêre onderrig in Afrikaans baklei. Herlewing sal helder skyn as die duisende wat Geloftedag bywoon, ook Sondae die huis van die Here (wat ons beloof het om te bou) vol sit.

## Herlewing vra goeie grond en diep wortels

Dit help nie ons waai die vlae, maar die vaandel van ons Christenskap is gestryk nie. Dit help nie ons bou die Volkshuis, maar hy is fondamentloos omdat dit nie ook 'n Godshuis is nie. Ware herlewing is nie net geestelike herlewing nie, maar Geesvervulde herlewing. Dit vra goeie grond sodat die saad wat gesaai word, nie vinnig opkom en blom, maar net so vinnig verlep en verdor nie. Dit vra egter ook diep wortels wat aan die Fontein van lewende water verbind is. Vanuit hierdie grond sal daar 'n huis tot eer van God verrys, 'n oes wat veel vrug sal dra – sodat die roem en die eer van die oorwinning aan Hom gegee sal word!

## LERAARS

### Beroepe aanvaar

Ds. Albert Boshoff (Stampriet) na Bethal.

### Oorgang na ander lewenstaak

Ds. Hano Jones is kragtens artikel 17.2 losgemaak van die AP Kerk en het na 'n ander lewenstaak oorgegaan.

## LIEF EN LEED

Ds. Matthys Müller is op 28 April oorlede. Ons bid sy naasbestaandes die troosryke nabyheid van die Here toe.

## *DIE BOODSKAPPER*

### Advertensietariewe

| Grootte | mm (hoogte x breedte) | Prys |
|---|---|---|
| 1/16 blad | 40 x 90 mm | R230 |
| 1/8 blad | 65 x 90 mm | R640 |
| 1/4 blad | 124 x 90 mm | R1 350 |
| 1/2 blad | 124 x 180 mm | R2 200 |
| Vertikale strook | 263 x 119 mm | R2 750 |
| Volblad | 263 x 180 mm | R3 650 |
| **BINNE-AGTERBLAD** | | |
| 1/2 blad | 148 x 200 mm | R4 880 |
| Volblad | 297 x 210 mm | R6 950 |
| **AGTERBLAD** | | |
| 1/2 blad | 148 x 200 mm | R4 900 |
| Volblad | 297 x 210 mm | R8 400 |

**BANKINBETALINGSBESONDERHEDE:**
Rekeningnaam: Lig in Duisternis Media
ABSA Tjekrekening: 411 338 3472 • Takkode: 632005
*Gebruik die DB-nommer wat aan u toegeken word as betalingsverwysing. Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.*

### Beplande verskyningsdatums

| Maand | Kopie in by Redakteur | Verskynings-datum |
|---|---|---|
| Julie/Augustus 2025 | 8 Mei | 23 Junie |
| September 2025 | 10 Julie | 25 Augustus |
| Oktober 2024 | 15 Augustus | 25 September |
| November 2024 | 18 September | 27 Oktober |
| Des 2025/Jan 2026 | 15 Oktober | 25 November |

### Gemeentenuus

Stuur asseblief u gemeentenuus in Microsoft Word-formaat (maks. 300 woorde, nie ouer as ses maande nie). Stuur oorspronklike, hoëresolusiefoto's saam met die Word-dokument na boodskapper@apk.co.za vir plasing.

## CVO-SKOOLKWARTALE

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 4 April
Tweede kwartaal: 22 April – 27 Junie
Derde kwartaal: 21 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

## SKOOLKWARTALE

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 28 Maart
Tweede kwartaal: 8 April – 27 Junie
Derde kwartaal: 22 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE*

| | |
|---|---|
| **1 Januarie** | Nuwejaarsdag |
| **21 Maart** | Openbare vakansiedag |
| **18 April** | Goeie Vrydag |
| **20 April** | Paassondag |
| **21 April** | Gesinsdag |
| **6 April** | Van Riebeeckdag |
| **27 April** | Openbare vakansiedag |
| **28 April** | Openbare vakansiedag |
| **1 Mei** | Openbare vakansiedag |
| **29 Mei** | Hemelvaart |
| **31 Mei** | Republiekdag |
| **8 Junie** | Pinksterfees |
| **16 Junie** | Konsentrasiekampdag |
| **9 Augustus** | Openbare vakansiedag |
| **14 Augustus** | GRA-dag |
| **24 September** | Openbare vakansiedag |
| **10 Oktober** | Krugerdag |
| **26 Oktober** | Hervormingsfees |
| **16 Desember** | Geloftedag |
| **25 Desember** | Christusfees |
| **26 Desember** | Openbare vakansiedag |

**Alle feesdae is nie noodwendig openbare vakansiedae nie.*

# Aardskuddend!

## Die krag van die Heilige Gees

1. "Skud ons wakker, Heer."
2. Vuur op gewone mense
3. Die Gees bring bonatuurlike moed
4. Gevul en nuut!
5. Pinkster eindig nie in die kerk nie – dit stroom die wêreld vol
6. Gestuur met vuur
7. Die aarde het geskud: Pinkster se krag in jou lewe (Pinkstersondag)



**Ds. Pieter Malan**

*Baie dankie aan ds. Pieter Malan (leraar van die AP Kerk Marble Hall) wat vanjaar se Pinksterreeks geskryf het.*

## 1. "Skud ons wakker, Heer."

**Skriflesing:** Handelinge 4:23-31 **Sang:** Gesang 224:1-2

**Teksvers:** *En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek.* (Hand. 4:31)

'n Kerk wat slaap, is 'n kerk sonder krag. 'n Kerk wat slaap, is 'n kerk wat gemaklik daarmee is om kompromieë aan te gaan wat die waarheid betref. Uiteindelik word 'n slapende kerk 'n stil kerk. Maar wanneer die kerk weer begin bid, dan bewe die aarde!

Pinkster gaan nie oor die een of ander emosionele ervaring of jaarlikse herdenking nie. Dit gaan oor 'n geestelike skudding wat herlewing bring. Handelinge 4:31 is so 'n gebeurtenis. Daar word gebid en die plek skud. Die mense word met die Heilige Gees vervul en die wêreld word verander.

### Die hedendaagse kerk het 'n wakker-word-krisis

Ons gemeentes het strukture, vergaderings, eredienste en ordereëlings wat goed en nodig is. Herlewing begin egter nie daarmee nie. Herlewing begin met 'n diepe bewustheid dat ons as kerk tog aan die slaap geraak het. Geestelik het ons verslap. Gebed het soms vir ons net 'n gewoonte geword. Die uitdra van die evangelie is intussen eerder vir instandhoudingswerk aan die kerk verruil.

> **Ons is dikwels meer oor die diensorde as oor die siele-orde bekommerd.**

Ons is meer bekommerd oor tydsduur as tydsgees. Ons is meer bekommerd oor styl as krag. Maar dan lees ons Handelinge 4:31 en word met 'n kerk wat bid en wat bewe, gekonfronteer. Ja, die Gees skud hulle wakker en stuur hulle uit.

### Herlewing begin by skuddende gebed

Die vroeë kerk het haarself in 'n spanningsvolle oomblik bevind. Petrus en Johannes is verbied om ooit weer in die Naam van Jesus te preek. Hierdie verbod was 'n direkte aanval op die kern van hul sending. Die druk was intens. Om te swyg sou veiligheid bring, maar om te preek sou vervolging uitlok. En tog, in plaas daarvan om terug te deins, draai hulle na God. Die krisis laat hulle bid. En daar, in daardie gebedsoomblik, het 'n aardskuddende herlewing begin.

Wat opvallend is, is die feit dat hulle nie vir wraak gebid

het nie. Hulle het ook nie vir 'n maklike pad sonder teenstand of vervolging gevra nie. Inteendeel, hulle het gebid vir vrymoedigheid om God se Woord te bly spreek ongeag die koste. Hierdie gebed wys iets van hul geloofsvolwassenheid. Hulle soek nie gemak nie, maar gehoorsaamheid; nie beskerming teen vervolging nie, maar krag om standvastig te bly. Dit is die tipe gebed wat die kerk in beweging bring, want daar waar die Gees van God sy kerk met vrymoedigheid vul, begin ware herlewing.

God antwoord hul gebed met 'n kragtige teken. Die plek waar hulle bymekaar was, is geskud en hulle is met die Heilige Gees vervul. Hierdie vervulling is nie passief of stil nie. Dit wek die kerk uit haar geestelike sluimering op. Wanneer die Gees van God harte vul, word vrees verdryf en stiltes verbreek.

Die Gees bring nie net vrede nie, maar momentum. Daarom is 'n Geesvervulde kerk 'n kerk in aksie.

Herlewing begin daar waar die kerk ophou slaap. 'n Wakker kerk is 'n biddende kerk; 'n Geesvervulde kerk is 'n vrymoedige kerk. Só 'n kerk is 'n instrument van aardskuddende herlewing.

### Hoe bid jy: veilig of skuddend?

Is jou gebede bloot 'n poging om jou lewe gemakliker te maak? Of is dit 'n daad van geloofsvertroue waarin jy jou lewe aan God oorgee? Hier is drie punte waaraan jy jouself kan toets:

- Bid jy dat God jou sal spaar van uitdagings, of dat Hy jou eerder in uitdagende tye sal gebruik?
- Bid jy vir gemak, of vir gehoorsaamheid?
- Is jou gebedslewe 'n rustige fluistering in jou hart, of 'n uitroep tot die lewende God?

Die mensdom is in beroering, maar dalk wag God vir een ding om sy kerk weer lewe te gee: nie 'n nuwe strategie nie, maar 'n nuwe hart. 'n Hart wat bid soos die vroeë kerk:

**Gee ons vrymoedigheid.**
**Gebruik ons.**
**Beweeg ons.**
**Skud ons wakker.**

Wanneer ons só begin bid, sal ons nie net Pinkster vier nie, ons sal dit leef. Ons sal Pinkster nie net herdenk nie, maar herleef en beleef.

### Gebed

Skud ons wakker, Heer. Begin by my. In Jesus se naam, amen.

## 2. Vuur op gewone mense

**Skriflesing:** Handelinge 2:1-4 **Sang:** Gesang 223:1, 2, 7

**Teksvers:** *Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees ...* (Hand. 2:3-4)

Dink vir 'n oomblik aan die mense in die bovertrek (vgl. Hand. 1:13). Hulle was eenvoudige vissers, 'n voormalige tollenaar en 'n paar vroue. Daar was niks buitengewoon aan hulle nie. Hulle was nie invloedryk of indrukwekkend nie. Hulle was nie priesters of profete nie. Hulle was nie bekend of geleerd nie. Hulle was net volgelinge van Jesus – mense soos Petrus wat Hom drie keer verloën het en Thomas, wat eers moes voel om te glo. Doodgewone mense.

Dan gebeur daar iets aardskuddend. Daar is wind. Daar is vuur. En daar is vervulling. God se Gees daal op daardie gewone mense neer. Pinkster gaan nie oor spesiale en buitengewone mense nie, dit gaan oor God wat sy vuur op gewone mense plaas.

## Die vuur van God kom op die beskikbares

Dat die gelowiges almal eendragtig bymekaar was, is nie toevallig nie, maar eerder gehoorsaamheid aan die Here Jesus se opdrag in Lukas 24:49.

> Daardie gehoorsaamheid het hulle saamgebind. Hulle het saam gewag, saam gebid en saam verwag. Dit is juis daardie eenheid, daardie gehoorsame wag op die belofte, wat die atmosfeer geskep het vir die Gees om te werk.

Op daardie Pinkstermôre het daar iets bonatuurlik gebeur. Dit was hoorbaar, tasbaar en sigbaar. God se Gees het gekom op 'n manier wat nie stil of subtiel was nie, maar dramaties, kragtig en skuddend. Dit was nie 'n briesie wat die huis getref het nie, maar 'n geweldige rukwind. In die Skrif simboliseer wind dikwels die Gees van God (vgl. Joh. 3:8). In Eségiël 37 laat God byvoorbeeld sy wind oor die dooie beendere waai en hulle word lewendig. Hier in Handelinge 2 kom God se wind weer. Die wind van Pinkster het ten doel om die kerk tot lewe te wek.

Vuur in die Bybel is 'n teken van God se teenwoordigheid. Dink byvoorbeeld aan God wat in 'n brandende bos aan Moses verskyn (vgl. Ex. 3:2), of hoe Hy Israel deur 'n vuurkolom uit Egipte lei (vgl. Ex. 13:21). Hier in Handelinge 2 is die vuur nie meer ver weg nie. Die Heilige Gees daal op elkeen van hulle neer. Nie net op Petrus nie. Nie net op Johannes nie. Maar op elke gelowige in die bovertrek. Die God wat voorheen net op die berg verskyn, of in die tempel gewoon het, kom nou in mense woon. So word elke gelowige 'n draer van die teenwoordgheid van God.

## Die Gees gee bonatuurlike krag aan gewone getuies

Wanneer die Heilige Gees 'n mens vul, bly dit nie net 'n innerlike ervaring nie – dit word hoorbaar. Is dit nie opvallend dat die heel eerste sigbare (hoorbare) uitwerking van die Pinkstergebeure spraak was nie? Die dissipels begin in tale praat wat hulle nie geken het nie, maar wat ander verstaan het. Waarom? Want waar die Heilige Gees werk, kan mense nie stilbly nie. Natuurlik nie om mense te beïndruk nie, maar om Christus bekend te maak.

Waarom tale? Want Pinkster is die herstel van dit wat by Babel gebeur het. Waar verskillende tale toe verwarring veroorsaak het, bring die Heilige Gees nou verstaanbaarheid. Dit is die beginsel van Pinkster: God gebruik gewone mense om buitengewone dinge te doen.

## Moet jouself nooit as vuurdraer diskwalifiseer nie

Daar is 'n stem wat gereeld fluister: "Jy is nie goed genoeg nie. Jy weet nie genoeg nie. Jy het te veel foute gemaak." Onthou dan Pinkster. Ons sien Petrus wat opstaan en preek slegs weke ná sy grootste mislukking. Wat het verander? Die vuur van die Gees.

> **Moenie wag tot jy perfek is voor jy jouself in God se diens stel nie. Moenie jou verlede as verskoning gebruik nie. Moenie dink God gebruik altyd die sterkstes nie. Jy is nie te jonk nie. Jy is nie te oud nie. As jy in Christus is, is jy 'n tempel van die Heilige Gees. En as jy beskikbaar is, sal die Gees jou gebruik.**



God se werk begin nie eers wanneer jy alles regmaak nie. Dit begin met nuwe lewe wat tot volkome oorgawe lei. Die vuur van Pinkster brand steeds in die hart van elkeen wat sê: "Gebruik my, Here." Moenie jouself diskwalifiseer nie. Die vuur van Pinkster brand op gewone mense. God wil dit ook op jou laat neerdaal.

## Gebed

Here, dankie dat U nie volmaakte mense gebruik nie. Vul my met u Gees. Gebruik my tot u eer. Laat die vuur van Pinkster ook op my lewe rus sodat ek u getuie kan wees. In Jesus se naam, amen.

# 3. Die Gees bring bonatuurlike moed

**Skriflesing:** 2 Timótheüs 1:3-12 **Sang:** Gesang 222:1-2

**Teksvers:** *Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.* (2 Tim. 1:7)

Vrees. Twyfel. Selfopgelegde sensuur. Dit is die onsigbare kettings wat soveel gelowiges terughou. Jy voel geroep, maar hou terug. Jy wil getuig, maar twyfel aan jou woorde. Jy brand vir God, maar sidder voor mense. Dan klink Paulus se woorde in jou hart: *God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie ...*

Pinkster bring 'n gees, maar nie een van vrees nie. Dit is die Gees van krag, liefde en selfbeheersing. Dit is die Gees wat gewone mense in dapper getuies verander. Dit is die Gees wat stamelende stemme in spreekbuise vir Christus omskep. Dit is die Gees van Christus.

## Vrees is nie van God af nie

Timótheüs is jonk, broos en dalk bang en onseker. Hy is die herder van 'n gemeente, maar die wêreld rondom hom raak al hoe meer vyandig teenoor Christus. Paulus skryf aan hom uit 'n tronksel en weet daar is 'n kans dat Timótheüs kan terugdeins. Daarom herinner hy hom: *God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie ...*

Die Griekse woord vir "vreesagtigheid" verwys na terugkrimp en 'n onwilligheid om vir die waarheid op te staan. Vrees is dus nie net 'n emosie nie. Dit is 'n houding, 'n ingesteldheid wat stadig maar seker beheer van jou binneste oorneem. Dit word die stem wat jou rigting begin bepaal en uiteindelik die rem wat jou getuienis stilhou. Vrees is soos 'n indringer in jou gedagtes, dit vat nie net plek op nie, maar begin jou lei. Dit druk jou terug wanneer jy moet praat, dit fluister: "Moenie nou nie ... wag eerder ... bly veilig."

Dit is egter nie hoe die Heilige Gees werk nie. Die Gees dryf ons nie terug in 'n hoek nie. Hy stoot ons met moed vorentoe. Die Griekse woord wat hier vir "krag" gebruik word, is *dunamis* (δύναμις). Dit is dieselfde woord wat in Handelinge 1:8 gebruik word:

> ***... julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom ...***

*Dunamis* is nie bloot menslike energie of moed nie. Dit is Goddelike krag. Dit is God wat aktief in en deur jou werk. Dit is daarom nie iets wat jy uit jouself opwek nie, maar wat jy ontvang.

## Die Gees bring krag, liefde en selfbeheersing

Wanneer die Heilige Gees jou vul, vul Hy jou nie net met krag nie, maar ook met liefde, want krag sonder liefde is gevaarlik en liefde sonder krag is magteloos. Die liefde wat die Gees bring, maak jou getuienis sag, maar tog sterk; moedig, maar vol deernis. Dit is liefde wat nie swyg wanneer die waarheid nodig is nie, maar ook nie praat met die doel om ander te vernietig nie.

Paulus moedig Timótheüs aan om nie aan vrees toe te gee nie. Daarvoor gee die Heilige Gees selfbeheersing sodat jy nugter bly wanneer alles in jou wil vlug; jy koers kan hou wanneer jy wil terugstaan; jy kalm kan bly wanneer die druk opbou.

## Die Gees gebruik ook jou stem, al voel jy klein

Dalk voel jy soos Timótheüs: jonk, onbekwaam, onervare en huiwerig. Onthou egter: God kies ook mense wat swak voel sodat sy krag sigbaar kan wees. Die wêreld is vol mense wat op antwoorde en op die waarheid wag. Maar hulle sal dit net hoor as gelowiges nie langer vreesagtig stilbly nie. Die Heilige Gees roep jou nie om veilig te wees nie. Hy roep jou om gehoorsaam te wees. Dit verg ware moed!

Wat sou jy dus sê as jy nie bang was nie? Jou woorde kan iemand se lewe aanraak. Jou getuienis kan iemand help om tot geloof te kom. Jou dapperheid kan ’n ander wakker maak. God het jou nie ’n gees van vreesagtigheid gegee nie. Hy het jou sy Gees gegee. Hy het jou die Gees van Christus gegee. Staan op en getuig voluit!

### Gebed

Here, vul my met u moed sodat ek sonder skaamte kan getuig, en met durf vir u Naam kan leef. In Jesus se naam, amen.

## 4. Gevul en nuut!

**Skriflesing:** Efésiërs 5:15-21 **Sang:** Gesang 224:2, 4

**Teksvers:** *Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.* (Efés. 5:18)

In ons dag is daar baie mense wat wil verander om anders te kan wees. Daar is ’n soeke na nuwe gewoontes, beter lewens, meer beheer, meer vrede. Ware en volhoubare verandering kom egter nie van buite na binne nie, maar van binne na buite. Verandering is nie die resultaat van jou eie pogings en goeie voornemens nie, maar van die Heilige Gees wat in jou werk en jou verander.

### Wat dit beteken om met die Gees vervul te wees

Paulus is nie hier besig om ’n voorstel te maak nie. Hy gee ’n besliste opdrag. Hy sê nie: “Oorweeg dit om met die Gees vervul te wees” nie.

> **Hy sê: *Word met die Gees vervul!* Dit is nie vir ’n Christen opsioneel nie. Dit is noodsaaklik. Elke gelowige moet uit die krag van die Gees lewe én leef.**

Die Griekse werkwoord vir “word vervul” is in die teenwoordige tydsvorm wat verwys na ’n deurlopende en aanhoudende aksie. Paulus sê eintlik: “Hou aan om met die Heilige Gees vervul te word.” Dit is met ander woorde nie ’n eenmalige ervaring nie, maar ’n voortdurende proses. Dit is soos ’n seil op ’n boot wat aanhou om deur die wind gevul te word. Wanneer dit vol wind is, het die boot rigting en momentum. Wanneer die wind egter ophou waai, sak die seil.

Dronkenskap is om onder die invloed van iets te leef wat jou oordeel vertroebel. Om met die Heilige Gees vervul te wees, is egter heeltemal anders. Jy leef dan onder die invloed van God self. Dit verander hoe jy dink. Dit verander hoe jy reageer. Dit verander hoe jy liefhet. Dit bring selfbeheersing in plaas van losbandigheid.

In die verse wat volg, wys Paulus hoe Geesvervulde mense leef. Hulle loof God en hul harte is vol aanbiddingsliedere. Hulle is dankbaar en danksegginge vloei uit hulle voort. Hulle leef in gehoorsaamheid en liefde, want hul lewens getuig van ’n verhouding met Christus. Daarom verander Geesvervulling jou nie net intern nie, maar dit skud elke aspek van jou lewe. Herlewing is dus nie net ’n emosionele ervaring nie, maar ’n lewensverandering.

### Geesvervuldheid is emosioneel en prakties

In ’n tyd waarin baie Christene geestelik moeg, verward of kragteloos leef, is dit nodig om terug te keer na die Bron van ware geestelike krag. Nie alle Christene leef met impak nie. Nie alle kerke maak ’n verskil nie. Die rede is eenvoudig: Baie probeer om in eie krag te funksioneer. Herlewing breek nie deur omdat ons harder probeer nie. Herlewing gebeur waar die Heilige Gees die ruimte het om te vul, te lei en te werk.

Slegs 'n Geesvervulde lewe is 'n aardskuddende lewe. Dit is die verskil tussen kerk toe te gaan en kerkwees. Dit is die verskil tussen geestelike droogte en vuur. Die Heilige Gees bring nie net troos nie, Hy bring ook krag. Hy bring nie net vrede nie, Hy bring ook beweging.

**Wanneer Hy in jou hart intrek, bly niks meer dieselfde nie. Dan begin gelowiges met vrymoedigheid praat, met oorgawe dien, met oortuiging getuig en met 'n nuwe doel leef.**

Ons leef in 'n wêreld wat dors na egtheid en honger is vir die waarheid. Net 'n Geesvervulde kerk kan met moed praat, met liefde genees, met krag getuig en met die waarheid leef. Dit is sulke kerke wat die aarde laat bewe, deur wie God mure van ongeloof afbreek en wat mense nader aan God trek.

### Is jy leeg, of vol?

Dit is die vraag wat jy eerlik voor God moet beantwoord. Die vraag is nie of jy kerk toe gaan, of 'n mooi uiterlike geestelike lewe het nie. Die vraag is of jy vervul is. Is daar vrug in jou lewe? Is daar blydskap en vrede, of leegheid en frustrasie? Is jy oorvol van alles behalwe die Heilige Gees? 'n Leë gelowige is 'n gevaarlike gelowige, want hy lyk dalk godsdienstig, maar leef sonder krag. 'n Vol gelowige daarteenoor, dra die krag van God in hom, al is hy stil en onopvallend. Mag jy elke dag onder die invloed van die Heilige Gees leef. Mag jy gevul wees met sy krag. Mag jy, stap vir stap, ooreenkomstig die beeld van Christus, verander word.

### Gebed

Heilige Gees, ek bely my leegheid en my eie pogings om vol te wees. Vul my met u teenwoordigheid, lei my gedagtes, bepaal my woorde, en verander my lewe van binne af. Amen.

## 5. Pinkster eindig nie in die kerk nie – dit oorstroom die wêreld

**Skriflesing:** 1 Korinthiërs 12:1-11 **Sang:** Gesang 229:1-2

**Teksvers:** *Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.* (1 Kor. 12:7)

Die Pinkstergebeure in Handelinge 2 is skouspelagtig: 'n geluid soos van 'n geweldige stormwind, vuurtonge, mense wat in verskillende tale begin praat. Dit eindig egter nie in die bovertrek waar die eerste gelowiges vergader het nie. Dit oorstroom die strate van Jerusalem en 3 000 mense word op daardie dag gered.

Pinkster gebeur binne die kerk, maar dit bly nie daar nie. Met Pinkster word harte gevul, maar dit vloei deur hande en voete. Dit is die boodskap van 1 Korinthiërs 12. Die Heilige Gees gee gawes, nie vir eie gebruik nie, maar vir diensbaarheid.

### Verskillende gawes, dieselfde Bron

Paulus skryf aan 'n gemeente wat met haar gawes spog. Hierdie gemeente het egter vergeet Wie die gawes aan hulle gegee het. Daarom herhaal Paulus:

***Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees; en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde Here; en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk (v. 4-6).***

Met ander woorde, nie een van ons het iets om op te roem nie. Elke gawe – of dit nou die gawe van spraak, diensbaarheid, vrygewigheid, bemoedigiging of lering is – kom van God af. Dit is genadegawes – onverdiend en onbeskikbaar sonder die Heilige Gees.

Dit is belangrik dat ons mekaar se gawes nie afmaak of verhef nie. Die Heilige Gees werk op verskillende maniere in verskillende mense, maar dit is dieselfde God wat deur almal werk. Dit is die wonder van Pinkster: Een Gees werk in 'n menigte van gelowige mense en tog is daar net een liggaam.

### Nie vir vertoon nie, maar vir diensbaarheid

Vers 7: *... aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.* "Nuttig" is nie spesiaal of uitstaande nie. Dit beteken dat die gawes nie speelgoed is nie, maar eerder gereedskap!

Die wêreld het nie nóg mense nodig wat roem op wat hulle gedoen of bereik het nie. Die wêreld het mense nodig wat vra: "Waar is daar 'n behoefte, en hoe kan ek diensbaar wees?" Dit is 'n kenmerk van Pinkster: Die Heilige Gees vul ons sodat ons mekaar en ander kan dien.

**'n Gerefomeerde verstaan van die gawes beteken dus dat gawes nie vir selfverheffing is nie, maar vir die opbou van die gemeente. Gawes is nie beperk tot die kansel of kerkraadsbanke nie, maar sluit dinge soos bemoediging, gasvryheid, die vermoë om te organiseer, vrygewigheid, wysheid en baie meer in. Die belangrikste is nie watter gawe jy het nie, maar of jy dit gebruik.**



### Watter gawe het jy, en gebruik jy dit?

Die vraag tydens Pinkster is nie net of jy die Heilige Gees ontvang het nie, maar wat jy met sy gawes doen. Daar is geen passiewe gawes nie, net onbenutte gawes. Daar is geen onbelangrike gawes nie, net ongebruikte gawes.

Soms wag ons dat iemand vir ons 'n taak gee, terwyl die Heilige Gees ons alreeds toegerus het. Jy hoef nie eers 'n posisie in die kerk te hê om diensbaar te wees nie. Jy het alreeds 'n roeping. Jy het alreeds 'n gawe en ander wag vir jou om daarmee diensbaar te wees.

Wanneer jy hierdie boodskap klaar gelees het, begin die werk. Hoor wanneer die Gees vir jou sê: "Nou stuur Ek jou." Soos die Gees die stad oorstroom het, so stuur Hy vandag nog mense met gawes die wêreld in om diensbaar te wees. Die vraag is nie of jy 'n gawe het nie. Die vraag is: Gebruik jy dit?

### Gebed

Heilige Gees, dankie dat U ook vir my gawes gegee het. Leer my om dit te ontdek en gee my die moed om dit te gebruik. Nie vir myself nie, maar vir u kerk en u koninkryk. Laat my diens die lig van Christus uitdra na waar dit donker is. Gebruik my soos U wil. In Jesus se naam, amen.

## 6. Gestuur met vuur

**Skriflesing:** Handelinge 1:1-11 **Sang:** Gesang 225:1-2

**Teksvers:** *... maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.* (Hand. 1:8)

Wat gebeur ná Pinkster? Die Gees kom af met krag, Petrus preek, mense glo en die kerk word gebore. Maar dan? Bly hulle in Jerusalem? Vorm hulle net 'n gemeenskappie met lofliedere, wat gereeld saam eet? Nee, hulle word uitgestuur!

> **Jesus het dit van die begin af duidelik gemaak: *maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees ...* (v. 8).**

Die vuur van Pinkster is nie net 'n innerlike gloed nie, dit is 'n sendingsvlam. 'n Geesvervulde kerk is 'n gestuurde kerk.

## Die Gees gee krag, maar waarvoor?

Handelinge 1:8 is 'n belofte én 'n opdrag: Julle sal krag ontvang! Dit is die Pinksterbelofte – die Heilige Gees sal in julle woon. Julle sal my getuies wees! Dit gee die doel waartoe gelowiges bemagtig word: Ons sal in woorde en in lewe getuies van Jesus Christus wees.

In die moderne wêreld soek baie Christene krag. Hulle soek geestelike belewenisse en wonderwerke. Maar Jesus sê: Die krag van die Gees is nie vir selfverheffing nie, maar vir sending. Nie vir prestasie nie, maar vir getuienis. Die Gees rus jou nie toe sodat jy net lekkerder kerk toe kan gaan nie, maar sodat jy die wêreld kan betree. Krag word gegee met 'n doel: Gaan getuig!

## Die omvang – van Jerusalm tot die uithoeke

Jesus noem vier plekke: Jerusalem, en in die hele Judéa en Samaría, en tot aan die uiterste van die aarde. Hierin lê die hele sendingvisie van die kerk opgesluit:

- Jerusalem: jou mense, jou straat, jou huis, dié wat naby jou is en jou ken.
- Judéa: jou breër gemeenskap, die mense rondom jou, dieselfde kultuurgroep.
- Samaría: die mense wat jy normaalweg sou vermy, wat verder weg is en wat anders is.
- Tot aan die uiterste van die aarde: almal, oral; ongeag taal, kleur of grens.

Pinkster begin in die stad, maar dit eindig nie daar nie. Sending is nie net iets wat die kerk doen nie, dit is iets wat elke Geesvervulde leef. Jy is nie net 'n ontvanger van die evangelie nie, jy is 'n draer daarvan.

## Wie het nog nie gehoor wat jy weet nie?

Dit is 'n eenvoudige, maar skokkende vraag.

- Weet jou bure dat Jesus Christus leef?
- Weet jou kollegas dat daar vergifnis van sonde is?
- Weet daardie kind wat saam met joune rugby speel dat daar 'n ewige koninkryk is?

Nie almal is geroep om 'n sendeling te wees nie, maar elkeen wat die Heilige Gees ontvang het, is geroep om 'n getuie te wees.

Iemand wat getuig: "Ek het gesien hoe Jesus in my lewe, in my hart en in my stryd werk." Die wêreld het brandende getuies nodig. Nie net 'n kerk waar daar mooi gepreek word nie, maar 'n kerk wat met vuur gestuur word.

Ons leef in 'n tyd waar mense na sin in die lewe hunker. Hulle is op soek na die waarheid.




Pinkster eindig nie by die kerk nie, dit begin daar. As jy met die Heilige Gees gevul is, word jy gestuur. As jy gestuur is, word jy gebruik. En as jy gebruik word, word God verheerlik.

Wat doen jy met wat jy weet? Wie wag nog op dit wat jy reeds ontvang het? Laat Pinkster nie net jou hart vul nie, laat dit jou voete stuur!

## Gebed

Dankie, Here, vir die vuur van u Gees. Ek wil nie net vol wees nie, ek wil gestuur wees. Wys my waar U my wil gebruik en gee my die woorde om te getuig. Laat my lewe 'n vlam wees wat na U wys. In Jesus se naam, amen. ☺

# 7. Die aarde het geskud: Pinkster se krag in jou lewe (Pinkstersondag)

**Skriflesing:** Handelinge 2:1-4; 4:31 **Sang:** Gesang 226:1-3

Pinkster is nie net 'n herdenkingsdag nie. Dit is nie net 'n datum in die kerklike jaar nie. Dit is die dag toe die krag van die Heilige Gees die aarde geskud het. Pinkster is die dag toe die wêreld verander het.

In hierdie reeks het ons gehoor watter aardskuddende impak die Heilige Gees op ons lewens het:

- Hy skud ons wakker.
- Hy gee ons vuur.
- Hy verander ons gemoed.
- Hy bring dinamiese verandering.
- Hy gee vir ons gawes.
- Hy stuur ons uit.

Op Pinkstersondag word ons herinner aan die impak wat die Heilige Gees steeds het – nie net in die kerk nie, maar in die lewe van elke gelowige. Die vraag is nie net of jy met die Gees vervul is nie, maar eerder: Wat gebeur wanneer jy vol van die Heilige Gees is?

### Die Gees bring nuwe krag: 'n aardskuddende impak

Op Pinksterdag het die Gees nie net 'n sagte "damp" oor gelowiges gestuur nie. Hy het gekom soos 'n geweldige rukwind wat die huis waarin hulle byeen was, geskud het. Wanneer die Heilig Gees jou lewe vul, is dit nie iets wat stil en passief is nie. Daar is beweging, daar is krag, daar is verandering.

In Handelinge 4:31 lees ons dat toe die gelowiges saam gebid het, die plek waar hulle was, geskud is.

> **Die Gees roep ons om die wêreld rondom ons te verander, nie net om te beweeg nie, maar om die aarde self te laat beweeg. Die krag van die Gees is nie vir ons gemak nie, maar sodat ons diensbaar kan wees.**

### Geesvervulling bring moed om te getuig

In Handelinge 2 het die Heilige Gees mense wat bang en onbenullig was, in vurige getuies van Christus verander. Petrus, wat vroeër met vrees geantwoord het toe hy gevra is of hy Jesus ken, staan nou met 'n onwrikbare geloof en vol moed voor duisende mense om te getuig. So neem die Heilige Gees die vrees uit ons harte uit weg en vervang dit met dapperheid en vasberadenheid.

Wanneer jy vol van die Gees is, verander jy. Jy verander van 'n bang, passiewe gelowige in iemand wat brand om die evangelie te bring. Jy staan op en sê: "Ek het 'n boodskap wat die wêreld nodig het en moet hoor."

### Die Gees bring dinamiese verandering

Efésiërs 5:18 herinner ons dat ons voortdurend met die Heilige Gees vervul moet word. 'n Geesvervulde lewe is nie net 'n emosionele ervaring nie. Dit is 'n lewenslange, dinamiese verandering. Wanneer die Gees jou vol maak, begin jy op 'n ander manier optree, jou verhouding met God verander, jou verhouding met ander mense verander en jou verhouding met jouself verander.

Pinkster is nie net 'n gebeurtenis nie, dit is 'n lewenswyse. Jy is toegerus vir 'n lewenslange roeping in God se koninkryk. Jy is nie net vir een dag vol van die Gees nie, jy word daagliks vernuwe en gevul. Daardie dinamiese verandering begin in jou en beweeg dan na ander uit.

### Die Gees stuur jou

Handelinge 1:8 herinner ons:

> ***... maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees ...***

Pinkster is nie net om ons vol te maak nie. Dit bemagtig ons as gestuurdes. God wil nie hê ons moet in 'n kerkgebou vasgevang wees nie. Die wêreld is die bedieningsveld. Die kerk van Christus is gestuur om die wêreld te verander, nie net om die boodskap te verklaar nie. Dit moet aanraak en verander.

Waar begin jy? By jou huis, jou werk, jou vriende, jou familie – daar is oral mense rondom jou wat wag om die krag van God se liefde deur jou te ervaar.

## Die Gees as die teenwoordigheid van Christus in ons

Die hart van Pinkster lê nie net in die koms van die Heilige Gees nie, maar in die teenwoordigheid van Christus wat deur die Gees in elkeen van ons is. Wanneer die Gees in ons werk, is dit nie net om ons geestelik te verfris of te vul nie, maar om Christus in ons te bring.

Die Gees is nie 'n krag wat ons eie agendas bevorder nie. Hy is die Gees van Christus wat ons toerus om sý werk te doen. Die koms van die Heilige Gees op Pinksterdag is nie net die begin van 'n nuwe werk van God nie, dit is die vervulling van alles wat Christus beloof het: Hy sal ons nie alleen laat nie, maar aan ons die Trooster stuur (vgl. Joh. 14:16).

Wanneer ons vol is van die Heilige Gees, is dit nie net sodat ons 'n bepaalde ervaring kan hê nie, maar sodat ons Christus in ons kan hê. Die Gees maak Christus nie net deel van ons emosies nie, maar maak Hom ook sigbaar in ons dade en ons woorde. Die Gees is die Draer van Christus se werk wat in ons voortgaan. Waar die Gees werk, is Christus werklik in ons en deur ons.

Dit beteken dat die krag wat ons as gelowiges bemagtig, nie net die Gees se krag is nie. Dit is die krag van Christus wat deur die Gees in ons werk. Ons moet die Gees nie as 'n aparte krag sien nie, maar as die teenwoordigheid van Christus wat ons in elke faset van ons lewens lei.

## Slot


Pinkster eindig nie met die seëngroet op Pinkstersondag nie. Pinkster is die begin van 'n nuwe roeping, van 'n nuwe beweging in die kerk. As jy met die Heilige Gees gevul is, is dit nie om net lekker in die kerk te voel nie, maar om uitgestuur te word as 'n getuie, om die wêreld te verander.

Mag ons nie net 'n Pinkster-ervaring hê nie, maar 'n Pinksterlewe. Mag die Gees elke dag 'n aardbewing in ons veroorsaak. Mag ons vuur dra – nie net binne ons nie, maar ook na buite.

## Gebed

Heilige Gees, ons dank U dat U in ons harte en lewens kom woon het. Dankie dat U nie net die krag van verandering is nie, maar dat U die teenwoordigheid van Christus in ons bring. U het ons lewens met u teenwoordigheid geskud. Vervul ons dat ons nie net vol sal wees nie, maar as getuies van Christus sal optree. Maak ons getuies wat nie net sê wie Christus is nie, maar leef wat Hy in ons gedoen het. Mag die aarde weer geskud word deur die krag van Christus wat deur ons beweeg. Ons bid alles in die Naam van Jesus Christus, ons Heer, amen.





DS. SCHALK STRAUSS

# Jonathan Edwards

## EN DIE MERKTEKENS VAN OPREGTE HEILIGHEID

**Die Amerikaanse Puritein, Jonathan Edwards (1703-1758), is bekend as herlewingsprediker. Die Groot Herlewing ("Great Awakening") van die 1730's en 1740's word tot 'n groot mate aan sy prediking toegeskryf. Veral 'n preek soos "Sondaars in die hand van 'n toornige God" het hom internasionaal as 'n opwekkingsprediker bekendgemaak.**

Die wydverspreide herlewing wat in hierdie tyd in die Connecticutvallei voorgekom het, het tot 'n baie vrugbare skryfperiode in Edwards se lewe gelei. Hy het die geleentheid gebruik om die bekeringsproses tydens die Groot Herlewing te bestudeer en te dokumenteer.[1] Edwards was nie oortuig dat al die bekerings wat voorgekom het, ewe eg was nie, maar was minder skepties as sommige van sy tydgenote. Hy was baie bewus van die feit dat die uitwerking van die evangelie op mense se lewens (effek) nie met toegeneentheid (affek, liefdevolle toewyding aan God) misgis moet word nie. Gevolglik het hy baie moeite gedoen om tussen ware en valse vorme van godsdienstigheid (vroomheid) te onderskei.

In sy werke tref Edwards 'n onderskeid tussen wat hy noem, negatiewe en positiewe merktekens vir opregte heiligheid. Hy merk op: "There are false affections, and there are true. A man's [sic] having much affection, don't [sic] prove that he has any true religion: but if he has no affection, it proves that he has no true religion. The right way, is not to reject all affections, nor to approve all; but to distinguish between affections, approving some, and rejecting others; separating between the wheat and the chaff, the gold and the dross, the precious and the vile."[2]

### Negatiewe merktekens

Edwards se bedoeling is nie om te sê dat negatiewe merktekens dinge is wat glad nie by ware gelowiges voorkom of dat dit nie deugsaam is nie. Hy wil bloot sê dat hierdie merktekens nie as maatstaf vir Geesgewerkte deugsaamheid gebruik moet word nie. 'n Voorbeeld ter verduideliking: Baie mense het die vaardigheid om 'n motor te bestuur. Dit is 'n belangrike vaardigheid om te hê as jy 'n renjaer wil wees. Tog kan ons nie aflei dat enige iemand wat kan bestuur, noodwendig 'n renjaer is

nie. So is dit ook met negatiewe merktekens.

**Dit is deugde wat jy by baie Christene sal aantref, maar net omdat iemand hierdie deugde het of hierdie eienskappe openbaar, beteken nie dat so iemand waarlik 'n Christen is nie.**

Die eerste negatiewe merkteken wat hy noem, is wanneer iemand se emosies of toegeneentheid opgewek word ("raised affections"). 'n Mens verwag dat ware gelowiges se emosies en toegeneentheid deur die Gees opgewek sal word, maar die intensiteit van iemand se emosionele ervaring is nie noodwendig 'n merkteken vir ware, Geesgewerkte vroomheid nie.

Liggaamlike reaksies is nog 'n negatiewe merkteken. Wanneer iemand byvoorbeeld vreeslik oor sy sondes begin huil, op die vloer neerval en inmekaarkrimp, is dit nie noodwendig 'n Geesgewerkte reaksie nie. Dit mag wees, want die Heilige Gees se werking ontlok dikwels 'n liggaamlike reaksie (vgl. Hand. 9:3-6), maar die blote liggaamlike reaksie op die evangelie moet nie met Geesvervulde vroomheid verwar word nie.

Edwards waarsku ook dat iemand se teologiese welsprekendheid en sy vermoë om die een teks ná die ander aan te haal, nie met Geesvervulde vroomheid verwar moet word nie. Hoewel 'n mens dit by gelowiges verwag, is nie elkeen wat teologies welsprekend is of die Bybel goed ken, 'n ware gelowige nie.

Ongelukkig laat die ruimte ons nie toe om elkeen van hierdie negatiewe merktekens te bespreek nie,[3] maar die genoemde voorbeelde wys hoe belangrik dit is om die regte maatstaf aan te lê wanneer ons die egtheid van 'n geestelike herlewing probeer bepaal.

## Positiewe merktekens

Edwards noem die positiewe merktekens "gracious or saving affections".[4] Hy delf diep in die aard van geestelike deugsaamheid en beklemtoon dat hierdie merktekens nie moontlik is sonder die kragtige werking van die Heilige Gees nie. Hy identifiseer twaalf positiewe merktekens:[5]

***1 Opregte heiligheid is die gevolg van geestelike, bonatuurlike en Goddelike invloed.***
Ware vroomheid is uit God en verander 'n persoon se hart eerder as om bloot uitwendige gedrag of emosionele ervaring te stimuleer.

***2 Opregte heiligheid is objektief gegrond in die hemelse heerlikheid en beminlike aard van Goddelike dinge.*** Ware liefde vir God behoort slegs in die intrinsieke heerlikheid van sy eienskappe gegrond te wees. Dit openbaar 'n toegeneentheid teenoor God wat nie op persoonlike voordeel of eiebelang gemik is nie. God word aanbid om sy ontwil.

***3 Opregte heiligheid bestaan uit 'n liefde vir Goddelike dinge gegrond op die skoonheid en lieflikheid van die morele uitnemendheid daarvan as bron van toegewyde liefde.*** Om die morele voortreflikheid en skoonheid van God se eienskappe te onderskei, is die bron vir opregte liefde vir en toewyding aan Hom.

***4 Opregte heiligheid spruit voort uit die geestelike verligting van die verstand wat dit in staat stel om Goddelike dinge te onderskei en te begryp.***
Edwards beklemtoon Geesgewerkte kennis (hartskennis) teenoor blote verstandskennis. Om 'n geestelike begrip van dinge te hê, lê aan die wortel van ware deugsaamheid. Hiermee verwerp Edwards die gedagte van herlewingsteoloë wat alle klem op ervaring ten koste van kennis en begrip van die waarheid plaas.

***5 Opregte heiligheid gaan hand aan hand met die redelike en geestelike oortuiging dat Goddelike dinge werklik, waar en seker is.***
Hierdie teken beklemtoon die belangrikheid van persoonlike sekerheid aangaande geestelike dinge en om jou vertroue volkome daarin te stel. Hierdie oortuiging

1. Sy standpunte oor die aard van ware deugsaamheid ("true virtue") word veral in die volgende drie werke uiteengesit: *Charity and its Fruits* (1738), *Concerning the End for which God Created the World* (nadoods in 1765 gepubliseer), and *On the Nature of True Virtue* (nadoods in 1765 gepubliseer). In noue verband hiermee is sy publikasies waarin hy merktekens van ware deugsaamheid bespreek: *A Faithful Narrative of the Surprising Work of God* (1737), *The Distinguishing Marks of a Work of the Spirit of God* (1741), and *Some Thoughts Concerning the Present Revival of Religion in New England* (1742).
2. Jonathan Edwards [1754], *Religious Affections (WJE Online Vol. 2)*, ed. Paul Ramsey (New Haven: Jonathan Edwards Center at Yale University, n.d.), 121, accessed September 2, 2023.
3. Vir 'n volledige bespreking van die negatiewe merktekens: Edwards [1754], 127-90.
4. Paul Ramsey, "Editor's Introduction," in *Religious Affections (WJE Online Vol. 2)* (New Haven: Jonathan Edwards Center at Yale University, n.d.), 22, accessed September 25, 2023.
5. Edwards [1754], *WJEO Vol. 2,* 197-462.

dring die gelowige tot volledige oorgawe in sy volle menswees.

**6** ***Opregte heiligheid gaan gepaard met evangeliese nederigheid.***
Ware nederigheid behels die vrywillige erkenning van God se soewereiniteit en morele voortreflikheid. Dit is ’n teken van ware bekering waar iemand se menswees in geheel daardeur beïnvloed is.

**7** ***Opregte heiligheid behels ’n veranderde natuur.***
Ware bekering behels om na God te draai en jou sondige aard te verwerp. Hierdie verandering moet tot die kern van iemand se menswees deurdring, sodat ’n nuwe grondbeginsel vir die lewe gevestig kan word.

**8** ***Opregte heiligheid ontlok en bevorder van nature ’n gees van liefde, sagmoedigheid, ingetoënheid, vergewensgesindheid en genade.***
’n Toegeneentheid wat deur die Gees bewerk is, word deur dieselfde gees en ingesteldheid gekenmerk as wat in Jesus is – dié van ’n lam en ’n duif.

**9** ***Opregte heiligheid vermurwe die hart en word deur ’n gees van Christelike tederheid vergesel.***
’n Hart van vlees openbaar deernis, empatie en sensitiwiteit teenoor ander.

**10** ***Opregte heiligheid openbaar pragtige simmetrie en proporsie.***
Ware godsdienstigheid vereis die gebalanseerde wisselwerking tussen verskillende deugde, met hoop en vrees wat saam bestaan ten einde eerbied vir God te bewerk.

**11** ***Wanneer Geesgewerkte toegeneentheid toeneem, verhoog dit die gelowige se geestelike aptyt en die siel se verlange na die geestelike.***
Hierdie teken beklemtoon dat ware vroomheid deur ’n toenemende honger en verlange na Goddelike gemeenskap gekenmerk word. Affek is nie die voorwerp van geloof nie, maar eerder die gevolg daarvan. Dit dien as aanduiding van ’n dieper verhouding met God en die Gees.



**12** ***Die vrug van opregte heiligheid kan in die Christen se optrede gesien word.***
Die twaalfde teken, wat bo alle ander staan, beklemtoon hoe geweldig belangrik die Christelike praktyk as belangrikste bewys van ware vroomheid is. Dit verklap die mens se geestelike toestand. Die praktyk is nie die grondslag vir ware geloof nie, maar die sigbare uitdrukking daarvan.

In ’n tyd waarin die geestelike toestand van die kerk en die samelewing om onderskeiding roep, kan hierdie onderskeid deur Edwards ons help om die regte (Bybelse) maatstawwe vir opregte herlewing aan te lê.

## BESTEK VIR BYBELKENNISEKSAMEN 2025

| Graad | Ou Testament | Nuwe Testament | Handboek |
|---|---|---|---|
| **Graad 4** | Génesis 6-9; Exodus 12 | Matthéüs 21-23 | Les 1-9 |
| **Graad 5** | Númeri 22-24 | Lukas 4-5; Johannes 10-11 | Les 1-9 |
| **Graad 6** | Rut 1-4 | Handelinge 4-6; Filippense 3-4 | Les 1-9 |
| **Graad 7** | 1 Samuel 8-10; 1 Konings 3 | 1 Thessalonicense 1-5 | Les 1-9 |
| **Graad 8** | Levítikus 1-3; Nehemía 1-4 | Jakobus 4-5; 1 Petrus 3-4 | Les 1-9 |
| **Graad 9** | Daniël 4-6; Jes. 12-14 | 1 Johannes 1-3 | Les 1-9 |
| **Graad 10** | Hoséa1-3; Joël 1-2; Job 5 | Efésiërs 1-2; Hebreërs 5-6 | Les 1-9 (nuwe boek) |
| **Graad 11** | Miga 1-3; Nahum | Romeine 9-11; 2 Korinthiërs 1-3 | Les 1-9 (ou of nuwe boek) |
| **Belydende lidmate** | Exodus 32-34; Nehemía 1-4 | Hebreërs 11-13; Openbaring 5-8:2 | NGB: Artikels 30-32 |

# DEEL 3: WOORDSOEK EN KODES ... (Leidrade: Openb. 4)

OPGESTEL DEUR DALEEN PIENAAR

| | |
|---|---|
| 20 | |
| 16 | |
| 11 | |
| 10 | |
| 3 | |
| 9 | |
| 5 | R |
| 15 | |
| 8 | O |
| 2 | N |
| 14 | |
| 1 | |
| 18 | |
| 13 | |
| 6 | |
| 4 | |
| 21 | |
| 22 | |
| 7 | E |
| 19 | D |
| 17 | |
| 12 | A |

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| K | R | I | S | T | A | L | 4 | D | S | A | R | D | I | U | S | E | 20 | | R | 16 |
| 12 | 3 | | 8 | 15 | | G | N | 19 | 6 | 7 | | 3 | 5 | 8 | D | 8 | 2 | | E | 9 |
| H | 6 | 3 | | 4 | I | E | 7 | 3 | G | E | B | R | A | N | D | 6 | 2 | | E | 9 |
| O | 20 | H | 11 | L | R | 8 | 8 | 5 | 18 | 8 | 14 | 9 | E | 21 | 7 | 1 | 20 | G | N | 18 |
| O | 9 | E | I | A | 8 | 8 | 9 | | 19 | 6 | 7 | W | 9 | 3 | B | 7 | 7 | E | B | G |
| F | 2 | E | 13 | 12 | 9 | 15 | 6 | 9 | | G | E | 7 | 2 | | 9 | A | 12 | B | O | E |
| D | H | R | T | R | O | O | N | K | A | L | F | 5 | 19 | 6 | 10 | 9 | S | E | O | O |
| E | V | L | E | R | K | E | 7 | 2 | D | A | A | N | B | I | D | 5 | 8 | U | G | P |
| 2 | 19 | I | 8 | 14 | | M | W | E | 19 | S | M | 6 | 7 | | 3 | 5 | 8 | R | I | E |
| 8 | 2 | K | 16 | 12 | E | 9 | E | I | L | H | I | E | R | H | E | E | N | 2 | | N |
| 5 | 7 | H | 7 | T | 2 | L | S | 17 | G | E | 8 | 8 | N | 21 | O | | 16 | 12 | 3 | D |
| 9 | .D | E | S | 8 | K | 8 | E | G | 9 | H | E | | 2 | S | U | | 9 | 14 | W | E |
| 12 | O | I | 5 | E | 12 | 21 | N | | E | A | E | U | 21 | 7 | D | E | U | R | E | 1 |
| D | N | D | B | 20 | 18 | | S | 4 | S | L | 7 | I | 3 | | E | | V | 10 | E | 6 |
| I | D | 9 | | 16 | 12 | K | 12 | 5 | 19 | M | Y | 6 | D | 21 | R | | O | 8 | R | 14 |
| N | E | 3 | 7 | | I | G | 8 | 2 | L | A | A | K | 3 | 11 | L | 12 | O | 2 | L | J |
| G | R | 21 | | L | 19 | O | 6 | E | 7 | G | 4 | R | 7 | V | I | E | R | V | I | A |
| E | S | 7 | E | 5 | 1 | U | M | 6 | 18 | T | 4 | 7 | A | 6 | N | 19 | K | L | G | S |
| 7 | L | D | 2 | | 19 | E | 6 | 7 | | I | 7 | 7 | 5 | G | G | 7 | O | I | T | P |
| 2 | A | 19 | 6 | 7 | H | | 18 | 5 | 12 | G | 21 | | 7 | 2 | E | | M | E | E | I |
| D | E | 1 | 8 | 22 | D | A | N | K | S | E | G | G | I | N | G | | S | G | | S |

## SOEKWOORDE

Aanbid
Almagtige
Arend
Basuin
Bekleed
Dadelik
Danksegging
Deure
Dinge
Donderslae
Ewigheid
Gebeur
Gebrand
Gelyk
Geopende
Glas
Goue
Heerlikheid
Heilig
Hemel
Hierheen
Hoofde
Jaspis
Kalf
Kristal
Leeu
Lewende
Mens
Ouderlinge
Reenboog
Sardius
Smarag
Stem
Troon
Vier
Vlerke
Vlieg
Voorkoms
Weerligte
Wesens

## KODES

Elke letter word deur ’n spesifieke syfer verteenwoordig. Indien A = 12, sal al die blokkies wat met 12 gemerk is, A’s wees. Die teksgedeelte is tussen die “Soekwoorde” versteek. Die teksgedeelte verloop slegs van links na regs.



# Andrew Murray en die geestelike toestand van die kerk

**Prof. Dolf Britz**[1]

Andrew Murray (1828-1917) het in lewe en sterwe aan Christus behoort. Hy was onwrikbaar oortuig van sy geloof en het deurentyd getuig dat die Heilige Gees hom van sy verlossing en die ewige lewe verseker. Vir hom was die lewe Christus en die sterwe wins. Met volle oorgawe skryf hy oor sy geloofsekerheid in sy kommentaar op die Heidelbergse Kategismus.



Kenmerkend van sy lewe as bedienaar van die Woord is die oproep tot bekering, toewyding, heiliging, gebed, oorgawe, getuienis en sending. Dit vind in die talle boeke uit sy vaardige pen neerslag. Wie hom lees, kon saam met Murray kniel, voor die hoë en heilige troon van God stil word, huil, smeek en tot oorgawe aan die Here kom. Sy boeke is veel meer as blote geestelike of teologiese lesse, dagstukkies of inligting. Juis dit maak hom by uitnemendheid die bekendste geestelike skrywer uit die tradisie van die Nederduitse en Gereformeerde kerke in Suid-Afrika. Vandag nog.

Hierdie dominee van Bloemfontein (1849-1860), Worcester (1960-1864), Kaapstad (1864-1871) en Wellington (1871-1917) onderskei hom in die wêreldwye evangeliese beweging van die 19de eeu as leier en segsman. In Engeland, Skotland, Europa en Amerika was hy huishoudelik bekend en gesog as spreker en prediker. Hy skryf dus vir 'n leeskring wêreldwyd, insluitende Christene en gelykgesindes in Asië, Japan, Korea en Afrika. Trajekte wat in al sy werke na vore kom, vind merkwaardig genoeg in verskillende lande, streke en kontekste diep en blywend inslag.

Met goeie reg kan 'n mens vra of die (Engelse) internasionale leeskring wat Murray in die oog het, nie tog 'n afstandelikheid tussen ons hiér en hulle dáár veronderstel nie? Pas die manier waarop Murray skryf, die inhoud en die toepassings van sy boeke en die situasies en denkwyses in Suid-Afrika naatloos op mekaar? Gemeet aan die vertalings en talle heruitgawes van sy werke in Nederlands (tot ongeveer 1930) en Afrikaans, het Murray ongetwyfeld groot aanklank in die gereformeerde en Afrikanertradisie se aanbiddingswêreld gevind. Hoe het dit gebeur?

In wat hy skryf, flikker altyd iets van die geskiedenis, die lewe, die ervaring en die mense van die plek waar hy gebore en geroep is om die Woord te bedien. Daar is 'n hoedanigheid in sy boeke wat eie is aan die kerke en mense wat hier in Afrika, in Afrikaans, die geloof in Christus ontvang en beoefen het. Soms is daar wel 'n aanpassing in die titel of selfs inhoud as 'n boek uit Engels vertaal is. 'n Goeie voorbeeld hiervan is *The State of the Church. A Plea for more Prayer* wat in 1911 gepubliseer is. Dit is geskryf na aanleiding van die internasionale sendingkonferensie van 1910 in Edinburg, Skotland. Die nuwe titel van die boek, naamlik *Die geestelike toestand van die kerk*, maak onmiddellik vir die Afrikaanse kerkmens baie meer sin.

Die geestelike toestand van die kerk lê mense na aan die hart. Dit is immers 'n saak van deurslaggewende belang in ons prediking en kerklike lewe. Daar is altyd 'n diepe besorgdheid as dit in die kerklike lewe leegloop; dit mank gaan aan die geestelike lewe en veerkrag van die kerk en lidmate; die lidmaatgetalle begin daal; die atmosfeer in die kerk koud en afsydig begin word; die kerk geen getuieniskrag meer het nie. Dan word die integriteit van die geloof in Christus ondervra en met begronde verontrusting na die geestelike toestand van die kerk verneem. Onvermydelik staar hierdie einste saak ons vandag in ons land in die oë.

Hierdie boekie vra dus om steeds gelees te word. Hoe pak Murray die saak aan? Waar plaas hy die klem? Wat kan ons steeds hieruit toe-eien as dit wat aan die konteks van meer as 100 jaar uitgesif is? Wat spreek óns aan soos dit gelowiges destyds geraak het? Wat flikker daar vir óns in Murray se betoog?

Aan die hart van sy boekie lê die vraag: Hoe kan die kerk tot 'n dieper en voller lewe in Christus kom? Vir hom is dit 'n vraag wat gevra móét word, juis omdat daar soveel skeefgroei in die geestelike lewe van die kerk is. Hiervan is Murray pynlik bewus. Hy beskryf dit.

**Die belewing van die Christelike geloof is nie diep, innig en lewend genoeg nie. Daar moet 'n ommekeer kom. Die hele kerk moet tot die volle wasdom in die kennis van Christus kom om uit te blom in 'n lewe van Christusgelykvormige getuienis wat weer geestelike krag sal verseker. Daar moet 'n volkome oorgawe aan Christus, haar Heer, plaasvind. Hier skuil die enigste hoop vir die kerk. Murray beklemtoon dit oor en oor: Keer terug na God!**

Volkome oorgawe is vir Murray niks minder nie as om diep voor die aangesig van God te buig, die werklike toestand van die kerk in te sien en te ontdek dat die Here self die uitkoms gee. Hy sal die omkeer en inkeer bring. Dan sal daar weer krag kom. Want, skryf Murray, dit is belyn met sy wil. Die krag van die Heilige Gees, soos dit in die vroegste kerk daaraan toe was, sal die deurslag gee. Dit gaan dus vir Murray om God: die Vader, Seun en Heilige Gees. Die (her)lewing van die kerk kom van bo. Hierdie oortuiging skyn deur in elke hoofstuk van die boekie.

Murray ken aan nog 'n saak gelykwaardige belang toe. As ons ons plek só voor God inneem, is dit nooit sonder 'n gelowige beslissing nie. Dit kan jou nie onaangeraak laat nie. Die begin van die herstel van die geestelike toestand van die kerk setel nie in diegene wat koud en belangeloos geword het nie, maar by hulle wat voor God neerkniel. Aangrypend skryf Murray oor sonde, belydenis, toewyding en die doelgerigte besluit om die ou mens in jou te versaak. Die omkeer en inkeer is nie 'n om't ewe saak nie. Die grond daarvan is die Een wat by die deur staan, en Hy klop. Hy vra, en Hy wag ...

Op hierdie punt laat Murray die lig op egte, vrome en innige gebed val. Gebed veronderstel gemeenskap met God deur Christus. Dit is die middel na die Bron. In gebed lê 'n diepte van Godskennis waarvan min gelowiges regtig weet. Hier kom 'n openheid, 'n diepgang, 'n offer en ware toewyding. Alle halfhartigheid word in gebed opgeruim. Hier word die seën van die Here uitgestort en ontvang.

As jong predikant skryf Murray oor gebed, die uitstorting van die Heilige Gees en herlewing. Nou, aan die einde van sy lewe, skuif hy die klem. Dit gaan vir hom oor die integriteit en kwaliteit van die oorgawe, toewyding en gehoorsaam aan God. Die heiliging en 'n geheiligde lewe kry voorrang. Die maatstaf van ons oorgawe en toewyding aan Hom en sy diens, merk Murray op, is Christus se oorgawe aan die kruis vir ons en ons verlossing. Dit is die gekruisigde Christus se aanspraak op ons. Ons is immers sy liggaam, sy kerk. Wees heilig, want Ek is heilig, sê God. Hier kom dus 'n ander dimensie wat by die deurdink en in verband met die geestelike toestand van die kerk gebring moet word. As dit in die kerk om die Gees gaan, gaan dit om die offer van Christus aan die kruis en sal dit uitloop op 'n heilige lewe. Hieroor gaan lidmaatskap van die kerk. So word die kerk geseën en is sy tot 'n seën.

Dit is tyd om die sakkie toe te knoop. Hier bo is 'n saak wat ons na aan die hart lê, uitgeskep uit die werk van Andrew Murray. En bekyk. Iets daarvan behou seggenskap. 'n Mens pas dit onwillekeurig ook toe aan die eie kerklike lewe. Maar, jy loop jou vas teen 'n huiwering. 'n Voorbehoud. Wat is dit wat verhoed dat 'n mens nie dit wat Murray laat flikker het, met huidjie en muidjie sluk nie?

Ons Kategismus gaan 'n ander weg op. Dáár word van Christus gepraat. Hy vergader, beskerm en onderhou vir Hóm 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord, uit die hele menslike geslag in die eenheid van die ware geloof. Van die begin af tot die einde toe. Van hierdie gemeente is ek 'n lid en sal ewig daarvan 'n lid bly. Immers, in lewe en sterwe behoort ek aan Hom, nie aan myself nie (vgl. So. 21 v/a 54).

1. Emeritus professor in kerkgeskiedenis, Universiteit van die Vrystaat.



# Wanneer groter geestelikheid met geestelike herlewing verwar word

**Dr. Adi Schlebusch**[1]

**Gedurende die 6de eeu voor Christus word die profeet Haggai op 'n stadium deur die HERE na die afvallige verbondsvolk gestuur met 'n tweeledige vraag aangaande die wet van die HERE. Eerstens vra hy of heilige offervleis, waarvan Levítikus 6:27 sê dat dit diegene wat daaraan vat, heilig, enige iets anders sou heilig waaraan dit raak? Die priesters antwoord "nee" (vgl. Hag. 2:11). Daarna vra hy of iemand wat verontreinig is deur aan 'n lyk te vat, dinge waaraan hy raak onrein sou maak? Hierop antwoord die priesters egter "ja", want dit is wat Númeri 19:21 leer (vgl. Hag. 2:12).**

Haggai gebruik hierdie voorbeelde uit die wet as simbole vir die volk se afvalligheid, want hy sê in die volgende vers: "So is hierdie volk" en "so is al hul werke en offers" (vgl. v. 13). Met ander woorde, werke en offers wat nie belyn is met sy geopenbaarde wil nie en nie voortkom uit 'n opregte hart nie, is nie aanvaarbaar in die oë van die HERE nie. In die Nuwe Testament bring die skrywer van Hebreërs vir ons dieselfde boodskap as hy sê:

> ***En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag ...* (11:6).**

Tog is die sentrale punt van Haggai se vermaning nie bloot om die volk net tot die regte gesindheid op te roep nie. Die voorbeelde wat hy neem uit die wette wat in Levítikus en Númeri opgeteken is, dui daarop dat hy die volk juis wou herinner aan die noodsaaklikheid van kennis van en gehoorsaamheid aan God se wet. Om God te dien en werklik godsdienstig te wees, beteken immers om sy geopenbaarde wil te soek en te doen. By wyse van die profeet Haggai word hier aan ons deur God self geopenbaar dat ware godsdiens in die eerste plek berus op kennis van God en sy wil, soos Johannes Calvyn ook reg aan die begin van sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* beklemtoon het.[2]

Die 19de-eeuse Presbiteriaanse teoloog, RL Dabney, het hierdie selfde kwessie aangespreek in 'n 1887-artikel gepubliseer in die *Presbyterian Quarterly*, getiteld "Spurious Religious Excitements".[3] Hierin waarsku hy teen die gevare van tydelike emosionele opwinding wat nie deur Goddelike waarheid ondersteun word nie. Dabney definieer hierdie groter geestelikheid of geestelike oplewing as blote emosies sonder enige reddende invloed op die menslike verstand of gewete. Hy erken dat gevoelens of emosies 'n belangrike bestanddeel van ware godsdiens is, maar slegs as dit gewek word deur 'n kognitiewe omhelsing van Goddelike waarheid soos in die Skrif geopenbaar. Om hierdie waarheid te omhels, is 'n sistematiese kennis van Bybelse waarhede noodsaaklik. Vir Dabney is daar dus geen ware godsdiens sonder dogma nie.

Dabney kritiseer modernistiese evangelistiese opwekkingsmetodes soos die bekende "altar calls" wat emosionele opwinding gebruik om bloot skynbare bekerings te produseer. Sulke praktyke lei tot valse bekering, selfmisleiding en 'n verharding van die hart. Sondaars word aangemoedig om hul emosies as die bewys van geloof te sien, terwyl Bybelse selfondersoek in die lig van God se geopenbaarde wil verwaarloos word. Predikers wat sulke metodes gebruik, meen Dabney, ignoreer Christus se beklemtoning van die feit dat ware bekeerlinge aan hul vrugte geken word. Die gevolg hiervan is kerke gevul met emosioneel opgewekte, maar niewedergebore lidmate wat geen ware vrugte dra nie.

Die Heidelbergse Kategismus beskryf ware geloof as onder andere "'n gewisse kennis

waardeur ek alles vir waar hou wat God aan ons in sy Woord openbaar" (vgl. HK So. 7 v/a 21). Hierdie is meer as blote geestelikheid. Dit betrek die menslike rede en begrip. Wat die mens as waarheid aanvaar, rig grootliks sy optrede. Dit beteken dat ware herlewing meer is as net geestelike emosies en opwinding. Dit is baie meer as net die blote gevoel dat ek naby aan God is of dat my hart geroer word. Sonder om die rol en waarde van emosies in 'n ware geestelike herlewing te misken, moet ons bewus wees van die gevaar wat 'n piëtistiese oorbeklemtoning van subjektiewe emosies en ervarings vir 'n ware geloof, wat gebou behoort te word op die geopenbaarde waarheid van die Skrif alleen, inhou.

Teenoor piëtisme wat daartoe neig om die ware diens van God tot 'n reeks intense maar kortstondige emosionele ervarings te reduseer, herinner 2 Timótheüs 3:16-17 ons dat die hele Skrif deur God geïnspireer en nuttig vir lering, teregwysing en onderwysing in sy wil is, sodat die gelowige by wyse van kennis toegerus kan wees vir elke goeie werk. Ware geestelike herlewing, in teenstelling met piëtistiese spiritualiteit, berus dus nie op die wisselvalligheid en onbetroubaarheid van menslike emosies nie, maar op die onveranderlike waarheid van God se Woord en 'n lewe van gehoorsame toewyding aan sy wil.

Daar word vertel van 'n man wat aan die einde van 'n lang dag se werk by die huis kom en vir sy vrou wil vertel hoe lief hy haar het en hoeveel hy haar gemis het. Hy beskryf dan hoe hy gedurende die dag nie kon ophou dink aan haar pragtige blonde hare en haar blou oë nie. Die probleem was egter dat sy vrou 'n brunette met bruin oë was. Die vrou wat die hele dag in die man se gedagtes was, was met ander woorde nie werklik sy vrou nie, maar iemand anders. Sy liefde en begeerte was nie werklik vir sý vrou nie. Wanneer mense hul godsdiensbeoefening op geestelike ervarings baseer, is dit dieselfde: Sulke mense glo dalk daadwerklik in iets of iemand, hulle begeer daadwerklik om iets of iemand te dien, maar daardie iets of iemand is nie die God van die Bybel nie.

Hierdie tipe geestelikheid, hoe groot of intens dit mag wees, is nie reddende geloof in Jesus Christus nie, maar afgodsdiens. In Matthéüs 7:21-23 lees ons immers van baie mense wat die Here Jesus aanroep en wys op alles wat hulle in sy Naam verrig het. Jesus verwerp hulle dan met die veelseggende woorde: "Ek het julle nooit gekén nie." Hiermee wys Hy ons dan ook spesifiek daarop dat 'n reddende verhouding met Hom deur kennis gekenmerk behoort te word. Om Jesus as Here te bely sonder om jou lewe in gehoorsaamheid aan sy gebooie te onderwerp, is om jouself en ander te mislei. Dit kom neer op 'n blote geestelikheid gebaseer op 'n leuen. Sonder kennis van Christus en sy wil, is daar immers geen sprake van enige ware diens van Christus nie. Soos Herman Bavinck dit in sy *Gereformeerde Dogmatiek* stel:



**"Het christelijk geloof is niet een louter gevoel of ervaring, maar een vast vertrouwen, dat steunt op de objectieve waarheid van Gods openbaring. Het piëtisme, dat het subjectieve moment boven het leerstellig fundament stelt, loopt gevaar het geloof te verarmen en te doen ontaarden in een vage religiositeit."[4]**

Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag, en sonder kennis van God, dit is, sonder 'n kognitiewe omhelsing van die waarhede geopenbaar in sy Woord, is daar geen sprake van 'n ware geloof nie, maar alleen dit wat Bavinck beskryf as "vae godsdienstigheid".

Dit is daarom van uiterste belang dat groter geestelikheid, wanneer dit bloot op emosies, sentiment, en opwinding gebou word, nooit met ware geestelike herlewing verwar moet word nie. Enige ware bekering behels in die eerste plek berou oor ons sonde, wat ons uit die Woord van God ken. Verder behels dit ook noodwendig verootmoediging voor die Here en 'n gepaardgaande gehoorsaamheid aan sy geopenbaarde wil. Dit veronderstel, soos ons ook in die Heidelbergse Kategismus bely, dat ons die Bybel as die absolute waarheid en rigsnoer vir ons lewens as individue, gesinne, gemeentes en volke moet leer ken en omhels.

1. Lidmaat van die AP Kerk Lichtenburg.
2. Johannes Calvyn, *Institutio Christianae Religionis*, 1559, 1.1.1.
3. Robert L. Dabney, "Spurious Religious Excitements," in *Discussions Volume 3: Philosophical* (Richmond, VA: Presbyterian Committee of Publication: Richmond, 1890).
4. Herman Bavinck, *Gereformeerde Dogmatiek, Deel 1* (Kampen: J.H. Bos, 1928), 68.



# Blaas die vuur aan!

**Ds. Danilo Stoltz**[1]

**Wat is nou lekkerder as om in die winter rondom 'n lekker warm kampvuur te staan? Dit voel of die warm gloed van die vlamme die bloed in jou are nuwe lewe gee. Jou vingers ontdooi en jy kan weer jou voete en jou tone voel. Die helder lig uit die vuur verdryf die donker en maak plek vir 'n gesellige ligkring. Ongemerk raak die vlammetjies kleiner.**

Ná ete kom almal uit om weer hitte by die vuur te kry, maar die vuur is amper "dood". Jy het dan een van twee keuses: Jy kan in die koue donkerte sit en vir jouself jammer voel, of jy kan begin om fyn takkies op die warm kole te sit en die vuur weer aan te blaas. Spoedig sal die fyn takkies opvlam om die dikker takke aan die brand te steek en die vuur te laat *herleef*. Wanneer die vlamme weer hoog en warm brand, sal dit almal wat daar ver sit, nadertrek. En gou weerklink stemme wat ander uitnooi: "Kom ons gaan sit by die vuur!"

Dit is die beste manier waarop ek herlewing kan beskryf.

Ons lees van so 'n verhaal in Lukas 24:13-35. Ná die dood van die Here Jesus stap twee manne na 'n dorpie met die naam Émmaüs. Hulle is verslae, verward en hartseer. Hulle het soveel hoop gehad. En toe sterf die Here Jesus. Die vuur in hulle is dood! En dan ontstel mense uit hul geledere hulle ook nog met praatjies dat engele aan hulle verskyn het met nuus van die opstanding. Terwyl hulle nog so stap, sluit die Here self by hulle aan. Hy praat met hulle oor die Skrif en breek met hulle brood – en dan gaan hulle oë oop. Hulle sien die opgestane Christus. Wanneer hulle oë oopgaan, kom hul lippe en voete in beweging:

*... Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?*



Daarna het hulle dadelik opgestaan en na Jerusalem gegaan om die ander te vertel.

Gemeentes voel soms soos 'n vuur waarvan die vlamme begin afgaan. Almal is besig met iets en niemand merk op dat die vlammetjies al kleiner en al minder word nie. En dan, skielik, word opgemerk dat die ligkring dof is. Die hitte is weg en die gemeenskap onvervuld. 'n Mens voel amper soos die twee Émmaüsgangers – verslae en hartseer. Die vlam het eens op 'n tyd so hoog gebrand. Daar was mense, energie en planne. En nou is die vuur amper dood.

Soos met 'n vuur, het die kerk een van twee keuses: Jy kan in die koue donkerte sit en vir jouself jammer voel, of jy kan begin om fyn houtjies op die kole te sit en die vuur weer aan te blaas. Herlewing begin gewoonlik by individue wat die warmte van die Skrif ervaar. Dit begin by mense wie se oë oopgaan sodat hulle die Here Jesus kan "sien". Die Émmaüsgangers kon met lekker warm harte in hul beddens gaan klim en die volgende dag hul reis voortsit. Hulle kon stilbly en elke dag net goeie herinneringe hê, maar dan sou dit by hulle eindig. Hulle gaan klim egter nie met

warm harte en selfbejammering in die bed omdat hul planne nie uitgewerk het nie. Hulle klim nie met warm harte in die bed en droom voort nie. Nee, daardie selfde uur kom hul voete in beweging. Hulle gaan na die ander en vertel wat hulle gesien en gehoor het.

Soos 'n klomp fyn houtjies bymekaar het die dissipels, die vroue en die Émmaüsgangers se vlam weer hoër begin brand. Hulle het begin vertel van die hoop wat in hulle leef. Net voor sy hemelvaart bevestig die Here Jesus hierdie opdrag in Matthéüs 28:19:

> ***Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies ...***

Ons wil hê dat die vuur sommer skielik hoog moet brand en dat die wêreld in 'n oomblik moet verander. Herlewing is egter die gevolg van harde werk. Alhoewel God die Een is wat laat groei, gee Hy aan ons die opdrag om te plant en nat te gooi (vgl. 1 Kor. 3:6). God kan die klippe laat uitroep om die evangelie te verkondig en die wêreld tot bekering te roep, maar Hy doen dit nie so nie. Hy stúúr sy kerk om die werk te doen. Tydens herlewingsgeleenthede in die verlede moes predikers baie kilometers aflê, gelowiges moes gemak en finansies prysgee en ander gelowiges het selfs hul lewens verloor. Tog het hulle hierdie gemeenskaplike doelwit gehad: Meer en meer mense moet met die evangelie bereik word.

Die eerste herlewing van die kerk begin by twee Émmaüsgangers, 'n klompie vroue en 11 dissipels wat nie kon stilbly nie. Die oop graf maak hul oë en monde oop en bring hul voete in beweging. 'n Gemeente hoef nie 'n groot, indrukwekkende gemeente te wees om by herlewing betrokke te wees nie. Jy is dalk een van die onindrukwekkende "fyn houtjies" wie die Here gebruik om die vuur aan die brand te steek. Die gemeente waarvan jy lidmaat is, kan deur die Here gebruik word om herlewing in jul dorp te bring.

Miskien betrap jy jouself waar jy dink: "Nee wat, dis onmoontlik, nie by ons nie! Die vuur is reeds dood." Dan is dit tyd dat jou oë weer oopgaan en jy die Here Jesus "sien" vir wie Hy is. Hy gebruik 'n paar gewone vissers en eenvoudige vroue om die wêreld in te gaan en dit te verander. Hy kan ook vir jou en jul gemeente gebruik. Hy kan dit sonder mense doen. Hy kan sy engele stuur of self aan mense verskyn, maar tog kies hy om gewone mense soos jy te gebruik. As ek en jy egter nie gehoorsaam is en uitgaan nie, sal die klippe getuig.

Dit is tyd dat ons nie net oor die geskiedenis van hervormings en hervormers lees nie. Dit is tyd dat ons nie net in ons beddens met warm harte moet lê en droom van herlewing nie, maar dat ons sal opstaan en die werk doen. Die Here stuur jou na jou vriendekring – moenie wag vir iemand anders om iets te sê nie. Jy bly nie maar per ongeluk langs jou buurman of buurvrou nie – die Here het jou daar geplaas.

Herlewing begin wanneer ons oë oopgaan en ons lippe en voete in beweging kom.

---

1. Medeleraar van die AP Kerk Kimberley-Die Kruis.


Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS




PRYS: R250




PRYS: R260




PRYS: R240

www.liginduisternis.co.za



# À Brakel en herlewing in die kerk

**Ds. Henning Dafel**[1]

Wilhelmus à Brakel (1635-1711) was 'n vooraanstaande leraar en herder uit die Nederlandse Nadere Reformatie.



Gebore as 'n predikantseun in Leeuwarden, word hy deur sy ouers se diep geloofslewe gevorm. Later ontvang hy sy teologiese opleiding aan die Universiteit van Franeker en Universiteit van Utrecht onder invloedryke figure soos Gisbertus Voetius. Ná 'n bediening in verskeie gemeentes in Friesland, word hy in 1683 na Rotterdam beroep waar hy dien tot sy dood in 1711. Daar het mense hom as die geliefde "vader Brakel" geken.

Sy belangrikste publikasie was *De Redelijke Godsdienst* (1700), wat gedurende die 18de eeu 20 heruitgawes gesien het. Gebaseer op Romeine 12:1, bevat dit 'n unieke kombinasie van sistematiese teologie en praktiese geloofsbegeleiding. Hoewel inhoudelik ryk aan teologie, was dit vir gewone gelowiges geskryf wat in hul geloof wou groei.

Hierdie artikel belig À Brakel se bydrae tot outentieke Christelike spiritualiteit en herlewing deur te kyk na die manier hoe hy die gereformeerde leer en vroomheid aan mekaar verbind het.

Die Nadere Reformatie was 'n beweging wat van 1600 tot 1750 in die Nederlandse kerk floreer het. Die ideaal was om Reformatoriese leerstellings prakties in gewone gelowiges se lewens en die breër samelewing toe te pas. Die fokus was op "innerlijke doorleving" (bevindelike geloof) en "persoonlijke levensheiliging" (persoonlike heiligmaking). Gevolglik is beide ortodokse leerstellings (gegrond in die Skrif en die Drie Formuliere van Eenheid) én ervaringsvroomheid beklemtoon. Onder leiding van figure soos Voetius en À Brakel het die beweging nie Reformatoriese leerstellings probeer korrigeer nie, maar eerder die implikasies daarvan in gelowiges se lewens probeer verdiep.

**Hierdie fokus op die reformasie van die hart eerder as 'n reformasie van leer, is sigbaar in hul volgehoue toewyding aan die leer van die belydenisskrifte.**

Die Nadere Reformatie het noue bande met die Engelse Puritanisme gehad, met 'n gedeelde klem op praktiese vroomheid en die gereformeerde leer. Beide het gefokus op die Skrif, verbondsteologie en heiligmaking, hoewel die Nadere Reformatie 'n unieke Nederlandse karakter behou het.

Teenoor die Duitse piëtisme was daar beduidende verskille. Die Nadere Reformatie het sterk aan konfessionele ortodoksie en kerkstrukture vasgehou, terwyl piëtisme meer tot gevoelsgodsdiens en afskeiding van die kerk geneig het. Vir die Nadere Reformatie was ortodoksie die fondament vir vroomheid en betrokkenheid by die plaaslike kerk noodsaaklik.

Die beweging het ontstaan as reaksie op die geestelike doodsheid in die kerk van die tyd. Dit het gepoog om twee gevare te vermy: enersyds dooie formalisme, en andersyds oppervlakkige entoesiasme. À Brakel se werk, met sy kombinasie van "skolastiese akkuraatheid" en "warm pastorale vroomheid", beliggaam hierdie balans.

Volgens À Brakel vereis hierdie "redelike diens" (vgl. weereens Rom. 12:1) beide rasionele begrip en geestelike toewyding. Sy benadering was om eers 'n Bybelse grondslag te lê en dan die Christelike ervaring daarvolgens te beskryf. Die doel was om die verstand, ter bevordering van godsaligheid, te vernuwe. Teologie moes dus die basis van vroomheid vorm.

Dit word treffend geïllustreer deur die volgende fokuspunte:

- ***Wedergeboorte:*** As absolute beginpunt van die geestelike lewe, is wedergeboorte 'n totale vernuwing deur die Heilige Gees wat die hele mens uit die geestelike dood tot die ware lewe wek. Sonder hierdie werk van die Gees deur die Woord, bly alle godsdienstige dade bloot natuurlik. Die wedergeboorte was juis daarom sterk vanuit die raamwerk van die genadeverbond beskryf.
- ***Geloof:*** Ware geloof is nie 'n eenmalige gebeurtenis nie, maar 'n voortdurende, daaglikse oefening om na Christus te gaan, Hom te omhels en jouself geheel en al aan Hom toe te vertrou. Geloof leef in verhouding tot God se beloftes en die kenmerke van reddende geloof is van kardinale belang.
- ***Sentraliteit van Christus:*** Jesus Christus is die middelpunt, die "murg van God se Woord" en ook van die subjektiewe ervaring daarvan. Ware spiritualiteit is wanneer jy God "in die aangesig van Jesus Christus" aanskou. Redding is slegs in sy Naam te vinde.
- ***Werk van die Heilige Gees:*** Die Gees bewerk wedergeboorte, verseël gelowiges, maak gemeenskap met God moontlik en lei ons in die waarheid. Gelowiges is tempels van die Gees en moet versigtig wees om Hom nie te bedroef nie.
- ***Skrif as enigste reël:*** Die Bybel is die enigste gesaghebbende reël vir leer en lewe en bevat alles wat vir ons redding en godsvrug noodsaaklik is. Ware spiritualiteit word deur die Woord gereguleer.
- ***Belang van die kerk:*** Groot agting en liefde vir die kerk as God se vergadering is noodsaaklik. Dit is 'n plig om by die kerk aan te sluit en daarby te bly. Die kerk is die plek waar die Woord en die sakramente bedien word.
- ***Algemene genademiddele:*** À Brakel het die waarde van prediking, die sakramente (doop en nagmaal), gebed en oordenking van die Skrif vir geestelike voeding en groei beklemtoon.

À Brakel se "redelike" diens betrek die hele persoon – verstand, wil en emosies – anders as spiritualiteit wat suiwer emosioneel (piëtisme) of passief (kwiëtisme) is.

Ware spiritualiteit is dinamies en vereis aktiewe betrokkenheid deur genade. In teenstelling met verwronge vorme van spiritualiteit, word die klem op waaksaamheid geplaas". "Bewaar", "bewaak" en "streef" word gereeld as werkwoorde gebruik. In die derde uitgawe van *De Redelijke Godsdienst* (1707) het À Brakel 'n hoofstuk bygevoeg wat teen afwykende spiritualiteit waarsku. Die hoofstuk getiteld "'n Waarskuwende bestiering teen piëtiste, kwiëtiste en dergelike afdwalinge" wys op sy toenemende besorgdheid oor hierdie bewegings. Hierin identifiseer hy die volgende gevare:

- ***Piëtiste:*** À Brakel het gesien dat piëtiste te min aandag aan die regte leer gee, te veel op gevoelens fokus en geneig is om die kerk te verlaat of te verdeel.
- ***Kwiëtiste:*** Hy was bekommerd oor sommige wat dink hulle moet heeltemal passief wees en net stilsit en wag op God, en wat dink hulle het nie die kerk, die Bybel of Jesus nodig nie.
- ***Labadiste:*** À Brakel was ook bekommerd oor die Labadiste wat geneig was om hulself van plaaslike kerke los te maak. Hy het gesê die kerk behoort aan God en dit word nie deur mense se vroomheid verander nie.
- Hy beskryf valse geestelikheid oor die algemeen as bloot menslik, sonder die Gees, skynheilig, gekant teen die waarheid, vyandig teenoor die kerk en die Bybel, en geneig tot sonde.

Om die egte van die onegte te help onderskei, beskryf À Brakel ses kernpunte:

1. ***Liefde vir die waarheid:*** God se Woord is noodsaaklik vir ware geloof.
2. ***Agting vir die kerk:*** Respekteer God se kerk en sy kinders.
3. ***Skrif as reël:*** Die Bybel is die enigste gesag.
4. ***Wedergeboorte:*** Ware spiritualiteit kom van die Gees en die Woord.
5. ***Geloof:*** Daaglikse vertroue in Christus.
6. ***Gemeenskap met God:*** Slegs deur Christus en sy Woord.

Die byvoeging van hierdie waarskuwings in 'n latere uitgawe wys dat dit 'n praktiese, pastorale besorgdheid was en nie bloot net 'n teoretiese debat nie. Sy raad om waaksaam teen dwaalleraars te wees, spruit uit sy besorgdheid oor werklike geestelike bedreigings. Al was hy aan die een kant besig om

1. Center Manager, Mukhanyo Theological College, Durban.

Vervolg op bl. 28 »



# Herlewing: Om op te staan van onder die besembos!

**Hannes Noëth**[1]

**In 1 Konings 19 lees ons hoe die profeet Elía uit totale moedeloosheid onder die besembos gaan sit. Hierdie gevoel van hom is nie aan die individu (ook die gelowige!) of aan ’n gemeente of aan ’n volk onbekend nie. Dit is opmerklik hoe elke mens kan getuig van tye van voorspoed, maar ook van tye van teëspoed.**

Juis in tye van teëspoed is dit nodig om weer te dink aan nuut begin, aan opstaan, aan herleef, om nie in sak en as te sit nie. Soms is dit vir die gelowige nodig om dit weer te hoor, soms vir ’n gemeente en soms vir ’n volk. Al voel dit of ons met tye onder ’n besembos langs Elía sit, is dit nodig om op te staan, te herleef en weer voor te begin en vorentoe te bou.

## Elía onder die besembos

Isébel se eer is aangetas. Sy is woedend vir Elía en wil hom vermoor. Hyself reageer met vrees en in moedeloosheid vlug hy die woestyn in. Hy sien nie kans om voort te gaan nie. Hy het op ’n punt in sy lewe gekom waar hy vra of alles nog die moeite werd is.

Dit is vir ons moeilik om hierdie gedeelte vandag te verstaan. Vanuit ons hoek gesien, was vlug vir Elía so onnodig. Isébel, vir wie hy vlug, was eintlik magteloos. Op die berg Karmel het pas ’n baie besondere gebeurtenis en wonderwerk afgespeel. Die ganse volk is met God se almag gekonfronteer en het agter Elía gestaan. Daar was ’n stryd tussen die vals, dooie Baälprofete en God, die Almagtige. Hy openbaar sy almag deur die offers aan die brand te laat slaan.

Elía twyfel. Hy raak bang en moedeloos. Hy vlug. Hy is ’n mens in sy konteks. Emosioneel. Gemeet voor die almag van God, is sy vlug kleingeloof en onnodig. Hy gaan sit moedeloos onder daardie besembos. Hy wens om te sterf. In die Sinaïtiese woestyn is die besembos ’n nuttige beskerming teen son en koue. Elía soek die naaste oplossing en die kortpad. Ek sit nou net hier. Ek kan nie meer nie. Ek gaan nie vorentoe nie.

Wat Elía hier beleef, is nie onbekend aan ons nie. As gelowiges voel ons soms of die boosheid van die wêreld alles oorweldig. Asof duisternis oorwin en die teëspoed seëvier. Ons wil sug. Ons kan nie meer nie. Ons is gedaan. Los ons hier dat ons kan sterf. Ons gaan sit lángs Elía onder die besembos.

As gemeentes raak ons tog ook so gou moedeloos. Ons kan so deur die kritiek teen die kerk beïnvloed word. Ons kan so klein, nutteloos en magteloos voel. Ons sien nie wat ons het nie. Ons kyk ons vas teen “Isébels”: ons tekorte, ons getalle, lidmate se ouderdom en ons konteks. As gemeente gaan sit ons lángs Elía onder die besembos.

As volk raak ons net so gou moedeloos. Ons besluit sommer daar is nie vir ons ’n toekoms nie, want alles is dan verby! Ten spyte van God se verbond en sy beloftes, ten spyte van sy almag en krag, wys ons na die negatiewe, die slegte en die onsekere toekoms. As volk gaan sit ons lángs Elía onder die besembos.

## God gee krag om onder die besembos uit te kom

In Psalm 23:1 leer ons dat God vir ons nuwe krag gee. Ongeag die feit dat ons onder die besembos gaan sit, begin Hy oor. Hy laat leef en Hy laat herleef. Hy haal ons onder die besembos uit. Dit is opmerklik hoe God Elía se moedeloosheid hanteer. Hy weet wat hy nodig het en ag die klein dingetjies nie gering nie. Hy begin by die basiese: kos en rus.

Dan vra Hy vir Elía: Wat soek jy hier? Wat maak jy hier onder die besembos? Twee keer vra God dit vir Elía. Hy antwoord vanuit sy pessimistiese, negatiewe hoek:

> *Ek het baie geywer vir die Here, die God van die leërskare ... Daarna bekla hy sy lot: ... die kinders van Israel het u verbond verlaat, u altare afgebreek en u profete met die swaard gedood, sodat ek alleen oorgebly het, en hulle soek my lewe om dit weg te neem* (1 Kon. 19:10).

Hoe ironies is die antwoord van Elía nie! Ja, baie het weggedraai van God, maar op Karmel het baie na God gedraai. Saam met Obádja het 100 profete weggekom. Elía het perspektief op sy werklikheid verloor.

Ons moet mooi oor ons roeping en taak as gelowige en as gemeente en as volk dink. God vra ook vir ons: Wat maak jy onder die besembos? Ons wil so maklik ons neerslagtigheid regverdig. Ons vergeet hoe God in sy almag nog altyd getrou was en getrou sal bly. Ons het nie rede om aan sy liefde en trou te twyfel nie. Daar waar ons alleen voel, verlaat God ons nie. Inteendeel, Hy verwag van ons om steeds, op grond van sy verbondstrou, ons roeping uit te leef.

## God laat herleef

Daar waar ons ophou, begin God weer. Hoeveel keer het ons nie hierdie herlewing in die geskiedenis van ons volk gesien nie? As die oplossings in die Kaap opraak, gebeur die Groot Trek. As dinge by Bloukrans en Weenen tevergeefs lyk, gebeur Bloedrivier. As die vryheidsoorloë wil vernietig en verslind, skep God 'n toekoms. As die rebellie verskeur en verdeel, skep God 'n Helpmekaarbeweging. Elke keer as ons wil tou opgooi, dan skep God herlewing, 'n nuwe begin. Hy openbaar dit juis ook aan Elía daar onder die besembos. Hy verskyn nie in die sterk wind, die aardbewing of in die vuur nie, maar in die windstilte. 'n Fluistering in die windstilte – dáár openbaar God sy trou en krag en mag aan Elía. God werk op sy manier, volgens sy raadsplan en op sy tyd. Ons soek Hom dikwels waar óns Hom wil hê. Ons wil Hom beperk tot ons tyd, tot ons plek, tot die wyse waarop ons 'n antwoord verlang. Dit is nie hoe God vir Elía onder die besembos aanspreek nie. Hy werk anders.

## 'n Toekoms tegemoet

Vir Elía lyk dit asof daar geen toekoms is nie. God sê vir hom: Eet, rus en gaan werk. Elía wou van die aanvegtinge van sy tyd wegvlug. Hy kon nie. Hy moes hulle hanteer, herleef en vorentoe beur. Aanvegtinge gaan daar wees – vir die gelowige, vir die gemeente, vir ons volk. Dit bring ons by Godsvertroue. Dit is die enigste manier hoe ons kan herleef, kan bou en 'n toekoms tegemoet kan werk.

God hanteer Elía se moedeloosheid deur hom te roep en weer uit te stuur. In die geloof bestaan daar nie 'n doodlooppad nie. God roep ons en stuur ons uit. Ook in ons tyd. Hy roep ons om op te staan, te herleef en met krag 'n toekoms te bou.

## Samevattend

Wanneer 'n moedelose Elía voel alles is nutteloos, gaan sit hy onder 'n besembos. God wys egter vir hom 'n toekoms, 'n geloofspad. Vanuit 'n diepe moedeloosheid ontvang hierdie profeet nuwe krag. Soms voel dit of daar net geen goeie nuus is nie en of die sleg van die wêreld 'n mens wil oorweldig. Orals in die wêreld gebeur dinge wat alles net nóg donkerder en slegter laat lyk. Dit wil ons dryf na die besembos.

Wat maak jy daar? vra God. Ons mag nie oorgee en toegee aan angs, besorgdheid, moedeloosheid en onvergenoegdheid nie. Ons moet aan die liefde en die trou van God dink. Ons moet aan sy verbond dink. Ons moet aan die kruis en die opstanding van ons Here, Jesus Christus, dink. Ons moet aan die uitstorting van sy Gees dink. Ons moet aan sy bemoeienis met sy kerk, sy bruid, dink. Laat Hý ons krag en troos en roeping en 'n toekoms gee. So bou ons met nuwe moed en met krag 'n toekoms tegemoet met die wete dat niks ons sal ontbreek nie – nie vir my nie, nie vir my gemeente nie, en ook nie vir ons as volk nie. Klim uit onder die besembos: Rus, eet en gaan werk!

---

1. Uitvoerende Hoof: Solidariteit Helpende Hand.

**SUIDKUS VAKANSIEWOONSTEL – DOONSIDE**

See-uitsig, skoon, goed toegerus met slim-TV en wi-fi. Veilige onderdakparkering agter elektroniese motorhek met 24 uur sekuriteit. Braaigeriewe, swembad, kafee, haarsalon en wassery onder in die gebou. Billike tariewe binne en buite skoolvakansies. **082 390 9465 / lettiefour@gmail.com**

«Vervolg vanaf bl. 25

## À Brakel en herlewing in die kerk

wesenlike bedreigings teen die kerk te bestry, was hy ook besig om aktief te werk om 'n gesonde benadering tot die ware godsdiens te omskryf.

Die Nadere Reformatie se siening van herlewing, volgens À Brakel, fokus op 'n dieper toepassing van Reformatoriese waarheid in die persoonlike lewe, die kerk en die samelewing. Hierdie beweging het 'n duidelike raamwerk vir ware herlewing voorgestel met klem op egte bekering deur die werk van die Heilige Gees, ervaringsgeloof wat in waarheid gegrond is en die belangrikheid van gesonde leerstellige prediking binne die kerklike konteks.

À Brakel se benadering onderskei ware herlewing van valse vorms deur te waarsku teen blote emosionalisme, subjektiewe ervarings los van die Skrif en anti-intellektuele of antikerklike neigings. Sy nalatenskap bied 'n gebalanseerde visie wat leerstellige akkuraatheid met warm pastorale vroomheid verenig, en objektiewe waarheid met subjektiewe ervaring binne die gereformeerde raamwerk balanseer.

Die hedendaagse kerk kan groot waarde put uit die herontdekking van kosbare werke soos *De Redelijke Godsdienst.*


**ONS STRANDDAKKIE HARTENBOS**

**Vakansiewoonstel loopafstand vanaf die hoofstrand. 2-slaapkamer (slaap 6), volledig toegerus met DStv.**

**Kontak Mercia: 065 991 1966 / 072 600 2430**

**Kasteelsig Gastehuis**

**Pretoria**

**Umgeni straat 366, Erasmuskloof**

±1 km vanaf N1-Snelweg / Naby Kloof hospitaal

**Vir besprekings skakel/whatsapp Nico: 071 619 9756**

**VOLKSHULP 2000**

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.

Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

**ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTES TE VOORSIEN.**

Klere • Skoene • Linne • Huisraad • Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

**www.volkshulp.org.za**
**Tel:** 012 755 8201 • **Sel:** 082 6827454
**Adres:** Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria


**BLOKKIESRAAISEL-ANTWOORDE:** MEI 2025, BL. 22

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 S | A | R | D | I | 2 S | | 3 P | I | 4 L | A | A | R | | | | | 5 M | |
| | | | | | A | 1 E | 12 K | | I | | | | | | 6 K | L | O | P |
| | | | 7 G | | L | | 8 I | S | E | B | E | L | 3 S | 7 A | 2 L | | R | |
| 9 G | E | L | O | O | F | | | | F | | | | 10 W | A | K | K | E | R |
| | | | U | | | 3 S | 4 Y | | D | | | | | | | | S | |
| 11 K | O | U | D | | 12 H | | | 13 B | E | 14 G | I | N | | 8 N | | | T | |
| I | | | | | E | | | | | E | | | 15 L | 7 A | 16 T | | E | |
| N | | 17 G | | 18 F | I | L | A | 19 D | E | L | F | I | A | 7 A | 20 H | A | R | T |
| 21 D | I | E | F | | L | | | I | | O | 11 B | | O | 5 M | I | | | |
| E | | B | | 22 N | I | E | R | E | | U | 1 E | | D | | 23 A | R | M | |
| R | | R | | | G | | | P | | T | 2 L | | I | | T | | 6 V | 24 M |
| 25 S | I | E | K | 26 B | E | D | | T | | E | 4 Y | | C | | I | | 10 O | A |
| | | K | | E | 5 M | 4 Y | 27 G | E | T | R | 28 O | U | E | | R | | 10 O | A |
| 6 V | | | | K | | | | S | | | O | | 29 A | M | E | 30 N | 9 R | L |
| 7 A | | 31 B | O | E | K | | 32 K | | 33 U | U | R | | | | | A | | T |
| 13 D | | 1 E | 8 N | E | | | O | 3 S | 4 Y | | 34 W | I | T | | | S | | Y |
| 1 E | | | | R | | | P | | | | I | | | 35 B | L | I | N | D |
| 9 R | | | | | | 36 P | E | R | S | O | N | E | 1 E | 8 N | 14 G | 1 E | 2 L | 1 E |
| | | | | | | | R | | | | | | 37 G | E | E | S | T | E |

AP KERK GROBLERSDAL

## ’n Lewenslange “ja!” vir God

Op 16 Februarie het vyf jong lidmate ’n besondere stap in hul geloofslewe geneem deur belydenis van hul geloof af te lê. Ons vier saam met Heinrich Pieterse, Jan-Hendrik van Staden, Jaco Strydom, Elandré Mallo en Emma van Rensburg hierdie groot oomblik in hul geestelike lewensreis.

Tydens die diens het ds. Hendrik du Plessis ons herinner aan die woorde van Kolossense 2:6-7: *Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom, gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof, soos julle geleer is, en oorvloedig in die danksegging.* Die teks herinner ons daaraan dat geloof nie net ’n eenmalige besluit is nie, maar ’n daaglikse keuse om “ja!” vir God te sê. Mag ons almal, saam met hierdie jong gelowiges, elke dag in sy liefde en genade geanker bly.

Ons bid dat hierdie vyf jong belydende lidmate in hul geloof sal groei en altyd sal weet dat hulle ’n belangrike deel van God se kerk is. Mag julle lig altyd helder skyn!

Anita Pieterse



*V.l.n.r. agter: Jaco Strydom, Jan-Hendrik van Staden, Heinrich Pieterse. Voor: Elandré Mallo, ds. Hendrik du Plessis, Emmarentia Janse van Rensburg*

AP KERK GROOTFONTEIN (TVL.)

## ’n Besondere doopgeleentheid

Op Sondag 23 Maart het Marius en Chantal Kruger met tere, dankbare harte hul dogtertjie Amoré ten doop gebring. Marius is die hoof van die CVO Skool Pretoria en Chantal die eienaar van Clartal Baba- en kleuterakademie. Kinders trap dus gereeld hul harte kruis en dwars, maar nóú is daar enetjie wat sommer naby nesgeskrop het. Sy maak hul harte tot oorlopens toe vol met liefde en dankbaarheid.



*Marius en Chantal Kruger, baba Amoré en ds. Schalk Strauss*

Die swangerskap was vol uitdagings en Amoré het spesiale behoeftes. Ons as AP Kerk Grootfontein is saam met die Krugers die Here dankbaar dat hy sy hand van beskerming, genade, liefde en vrede oor hulle hou. Ons wil, soos Freda Schoeman, dig oor dié besondere dag: “die dag dra ’n kroon / word ’n feesmaal van vreugde en lag … / en iewers pas jy in hierdie blywees dag.”

Dankie vir almal se gebede, liefde en betrokkenheid. Ons hou Amoré se vordering met verwondering, hoop en vertroue dop. Aan God al die eer.

Alta Pretorius

AP KERK HLUHLUWE

## Doopgeleentheid

Op Sondag 30 Maart is klein Pieter Daniël, seuntjie van LJ en Melanie de Jager wat lidmate van die Sodwana-wyk is, deur ds. Jaques Boonzaier gedoop. Ons wens hulle hartlik geluk met die groot gebeurtenis. Die hele familie was saam om die geleentheid te vier.

## Belydenisaflegging

Op 4 April het sr. Kerry Smit belydenis van haar geloof afgelê en is as lidmaat van die gemeente verwelkom. Ds. Jaques Boonzaier het die diens waargeneem.

Gerrie de Wet


*Doopgeleentheid*


*Belydenisaflegging*

AP KERK POTCHEFSTROOM

## PAPJAS

Dit was vir ons as gemeente heerlik om al die studente aan die begin van 2025 te verwelkom – hier waar hulle vir die volgende paar jaar van studie 'n geestelike tuiste sal hê. Donderdagaande sit die PAPJAS-kantoor gepak met studente wat geestelik verryk word deur Bybelstudie onder leiding van ds. Johan Gericke. Ná afloop van die meer formele verrigtinge, word daar dan sosiaal verkeer, waartydens lewenslange vriendskapsbande gesluit word en die druk van die studies op die agtergrond geskuif word.

Ons koester ons studente! Hulle is werklik 'n aanwins vir ons gemeente en die toekoms van die AP kerkverband.

Jenny Pretorius





**AP KERK: DASSE EN MOULOSE TRUIE**

Wit kerkdasse @ **R120** • Moulose swart truie @ **R550**
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag

**Tel: 015 298 8028** • **Faks: 086 530 5709**
**E-pos: pietersburg@apkerk.co.za**

Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00.
*Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling.*

**BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL**

• Ruim luukse oornagwoonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959

AP KERK MOSSELBAAI

## Speel-speel *Pétanque*

*Pétanque* is die Franse woord vir 'n spel wat soortgelyk aan rolbal ("boules") is. Br. Gawie Botes, lidmaat en bobaasspeler van Hartenrus Aftreeoord, het die ouer garde daar reeds vuur en vlam vir die spel. Op Saterdag 8 Maart het hy 'n klompie lidmate kom touwys maak, waarna die middag met 'n heerlike braai afgesluit is

## Seniorburgerfunksie

Die seniorburgerfunksie het 'n jaarlikse instelling geword wat ons seniorburgers nie sommer misloop nie, want dis 'n wonderlike geleentheid om lekker te kuier en te eet. Op 18 Maart was dit smullekker wafels by Twin Trees Waffle House, met 'n pragtige uitsig op die omgewing en see as bonus.

## Doopgeleentheid

Sondag 30 Maart was 'n besondere geleentheid vir die Strydom- en Fourie-familie met die doop van klein Ruhan Fourie. Grootouers Alfred en Marlise Strydom het spesiaal van Bahrein af gevlieg om die geleentheid by te woon.

Ria Webb



*Lekker kuier by Twin Trees*




*Ouboet Mihanru, Michael en Dorinda Strydom met dopeling Ruhan en ds. Dawie Pretorius*

AP KERK WATERBERG

## Senior lidmate

Die senior lidmate van ons gemeente het 'n rede gesoek om weer 'n bietjie lekker te kuier. 'n Ontbyt is toe deur ons bekwame voorsitter, oom Hentie Grobler, vir 29 Maart gereël. Al die ou kuierverhaaltjies is weer afgestof en nuwes opgediep. Die werk is gedoen onder die uitstaande leiding van ds. Riaan en sr. Elize Pretorius. Dankie ook aan almal wat skenkings gemaak en gehelp het met die voorbereiding van die kos en die saal. 'n Kerkvader het eens gesê: "Hou jou senior lidmate gelukkig, en jy het 'n gelukkige gemeente!"

## Doopgeleentheid

Dit gaan baie goed met ons gemeente. Op 30 Maart is klein Jana Benadie ten doop gebring.

Stoffel Visser



*Senior lidmate*



*V.l.n.r.: Ds. Riaan Pretorius, sr. Chené Benadie met dopeling Jana en br. Wean Benadie*

AP KERK PETRUS STEYN

## Leraarsbevestiging

Petrus Steyn se gemeente was vanaf April 2024 herderloos. Ons is dankbaarheid vir die Here se voorsiening in 'n leraar, ds. Zachie Jansen van Rensburg, wat op 26 Januarie bevestig is.

Ds. Willem van Schalkwyk, wat die bevestiging waargeneem het, het 'n treffende boodskap uit 2 Korinthiërs 4 gelewer. Paulus praat oor sy eie bediening en leer sy gemeente deur die beeld te gebruik van kosbaarhede wat in 'n erdekruik weggebêre word: *Maar ons het hierdie skat in erdekruike, sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees en nie uit ons nie* (v. 7). So verduidelik hy die verhouding tussen die leraar en die evangelie. Die kosbaarheid van die skat van die evangelie moet goed begryp word. Daarteenoor staan die waardeloosheid van die erdekruik. Gemeentes moet onthou: Leraars is steeds gebroke mense (*erdekruike*) met tekortkominge, maar is deur God afgesonder vir sy diens om die Woord (*skat*) te verkondig. Ná afloop van die diens is ds. Van Schalkwyk bedank vir sy toegewyde bereidwilligheid waarmee hy die gemeente bedien het.



Ds. Zachie en sr. Magda Jansen van Rensburg

## Belydenisaflegging en gemeente-ete

Op 2 Februarie was die gemeente getuie van Daniël Meintjies se belydenis van geloof, wat deur ds. Zachie Jansen van Rensburg waargeneem is. Oudl. Willem Lötter het hom deur die loop van 2024 onderrig. Baie geluk aan Daniël en welkom in die gemeente. Die heuglike gebeurtenis is afgesluit met 'n heerlike gemeente-ete – 'n tyd van samesyn, vreugde en versterking van geloofsverhoudinge.


Daniël Meintjies en ds. Zachie Jansen van Rensburg

**Die Kerkkantoor**

AP KERK HARTBEESPOORT

## Paassangdiens

Op Sondag 13 April het die gemeente se jaarlikse Paassangdiens plaasgevind. Die Loerie Jeugsentrum van Bronkhorstspruit was die gemeente se spesiale gaste met 'n pragtige optrede, waaraan lidmate ook deel gehad het. Ná afloop van die Paassangdiens het die gemeente saam met die Loeries 'n heerlike middagete geniet.


Loerie Jeugsentrum

**Tharina Swanepoel**

AP KERK POTGIETERSRUS

## Pa bevestig seun as herder

*... waar jy gesien het hoe die Here jou God jou gedra het soos 'n man sy seun dra, op die hele pad wat julle getrek het, totdat julle tot by hierdie plek gekom het* (Deut. 1:31).

Ná sowat twee maande van wag, bid en vertrou, het die AP Kerk Potgietersrus op 8 Maart 2025 weer 'n herder vir die kudde ontvang. In 'n aangrypende diens het ds. Olof van Rooyen sy seun, ds. Greyling van Rooyen, as nuwe leraar bevestig. Die simboliek van dié vader-en-seun-oomblik was nie net roerend nie, maar ook 'n herinnering aan hoe God sy werk deur geslagte heen laat voortvloei.

Ons bure van Roedtan en Tuinplaas het met regte plattelandse geesdrif saam feesgevier, en Groblersdal en Marble Hall het die Waterberge kom natreën met hul seënbedes. Dit was 'n ware susterskerkeaangeleentheid! Die Kerkraad, Sustersaksie, Seniors en Verbondsjeug het gesorg vir warm verwelkomingsboodskappe en ná die tyd is daar, soos altyd, met entoesiasme rondom versnaperings gekuier.



*Die Greyling-gesin*

Ons het nie net 'n Geesvervulde nuwe leraar gekry nie, maar ook 'n pastorie wat klop met jong lewe. Ons verwelkom met groot blydskap sr. Michelle en twee pragtige dogters, Marcelle en Chantelle. Ons gemeente het drie dames ryker geword en saam sal ons dinge met oorgawe doen – altyd net omdat ons genade ontvang het.

Charlotte Fourie

**IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?**

Ons verkoop opgeknapte ("refurbished") rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

**Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za**

**Oornagverblyf Kroonstad**

2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

**ST LUCIA – Vakansiewoonstel te huur**

2 slaapkamers, 1 badkamer (stort en bad), balkon, veilige parkering (afdak) binne in die kompleks, swembad en braaigeriewe, gratis wi-fi.

**SMS 068 535 3885 vir meer inligting en foto's**

**SUIDKUS – MARGATE**

**Loopafstand van hoofstrand.**
**2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.**

**Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of skakel of sms Thys: 082 921 1922**



# Herlewing: 'n Volk staan op uit die as – Alana Bailey

**Vanjaar word Afrikaans se 100 jaar as amptelike taal van Suid-Afrika herdenk. Dit is merkwaardig dat ons taal een van slegs vyf is wat in die 20ste eeu tot 'n ten volle funksionele taal kon ontwikkel.[1]**

Ewe merkwaardig is die prestasie van herlewing wat op die vernietiging ná die Anglo-Boereoorlog gevolg het. Die herbougeskiedenis van die voormalige Transvaalse en Oranje-Vrystaatse republieke is voorwaar inspirerend. Teen die einde van die oorlog in 1902, het byna 60 000 plaaslike inwoners hul lewens verloor. As gevolg van die Britse verskroeideaardebeleid, is sowat 30 000 plase met wonings, gewasse en vee vernietig, terwyl 40 dorpe gedeeltelik of geheel en al verwoes is.

Ná vredesluiting op 31 Mei 1902, word lord Alfred Milner as goewerneur van die Transvaal en Oranje-Vrystaat ingesweer. Hy aanvaar nie net verantwoordelikheid vir die ekonomiese heropbou daarvan nie, maar stel homself ook ten doel om die Engelse taal en kultuur as die enigste in die land te vestig.

Die oorwonne Vrystaters en Transvalers se lot het egter hul leiers aan die hart gegryp en oral het kampvegters vir ons taal en kultuur na vore getree. 'n Interessante verskynsel wat toe gesien is, kom vandag ook weer voor, naamlik dat wanneer mense kultureel vervreemd van instellings voel, hulle parallelle instellings vestig waar hulle wel tuis voel en kan gedy.

Een van die mooiste destydse voorbeelde in dié verband is die Zuid-Afrikaans Hospitaal (ZAH). Toe die Boeregeneraals Christiaan Beyers, Koos de la Rey en Christiaan de Wet bewus raak dat Afrikaners wat hospitaalsorg benodig, ongemaklik in die Britse militêre atmosfeer van die bestaande hospitale in Pretoria voel, is fondsinsameling vir 'n eie hospitaal begin. In 1904 skenk Beyers sy huis in Sunnyside vir dié doel en 'n sesbedverpleeginrigting word daar gevestig. Vandag is ZAH 'n uitnemende moderne instelling.

Nog 'n inspirerende geskiedenis is dié van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF). Dit is op 19 Oktober 1904 deur Georgina Thomson, 'n weduwee wat uit Skotland afkomstig was, aan huis van Annie Botha, die vrou van genl. Louis Botha, gestig. Die doel was om Afrikaners in die Transvaal ná die ellende van die oorlog op te hef. Van die eerste aksies wat onderneem is, was die stigting van 'n fasiliteit vir getraumatiseerde meisies en ongehude moeders in 1905. Dit staan later as die Armstrong-Berning Tehuis bekend. In 1910 open die SAVF Môreglans in Krugersdorp hul eerste tehuis vir bejaardes. Dit ontstaan nadat die lot van 'n hawelose bejaarde wat alleen in 'n veld sterf, vrywillige SAVF-werkers diep ontroer het. In die volgende dekade is onder meer vroedvroue opgelei, 'n skool gestig, geld vir die oprigting van die Vrouemonument in Bloemfontein bygedra, konsentrasiekamp-begraafplase onderhou, die eerste skool vir huishoudkunde in die Transvaal gevestig en die Moedersbond-kraaminrigting in 1919 in Pretoria geopen. Die SAVF gaan deur die dekades van krag tot krag en lewer steeds 'n omvangryke verskeidenheid maatskaplike dienste.

Kinders is die mees weerlose slagoffers van enige gewapende konflik. Aan die einde van die Anglo-Boereoorlog was daar bykans 12 000 weeskinders. Ds. Abraham Kriel, predikant van die Nederduits Gereformeerde gemeente Langlaagte, ontferm hom oor 'n paar van dié wesies en voortspruitend hieruit open die Langlaagte Kinderhuis sy deure op 4 September 1902. Die aanvanklike 7 inwonertjies groei teen September 1903 tot 245. Kriel word bygestaan deur Maria Kloppers, 'n Bolandse

1. Die ander tale is Hebreeus, Katalaans, Indonesies en Hindi.

Vervolg op bl. 36 ››





# Herlewing is ’n werkwoord

**Pieta Oosthuizen**

Herlewing verwys in ’n Christelike konteks na ’n individu, gemeente of kerk wat ’n tydperk van hernude geestelike groei beleef. In Bybelse tye was herlewing sinoniem met die bekering van baie mense tot die Christelike geloof. Dink byvoorbeeld aan die ongeveer 3 000 mense wat tydens die uitstorting van die Heilige Gees tot bekering gekom en gedoop is.

Vandag is sulke gebeurtenisse waar duisende mense tot bekering kom of weer opnuut hul harte aan die Here gee, eintlik vir ons onbekend. Angus Buchan se groot saamtrekke, waar baie van die teenwoordiges opnuut oor hul lewens nadink en dikwels ’n ommekeer terug na Christus maak, is dalk die naaste wat ons vandag hieraan kom. Die hartseer is dat hierdie soort massaherlewing dikwels van korte duur is. Mense besef nie dat herlewing iets is wat daagliks moet gebeur en ingeoefen moet word om ’n blywende verskil in ’n individu, gemeente of kerk te maak nie.

## Daaglikse oefening

Herlewing kan vergelyk word met iemand wat gesonder wil leef. So iemand begin let op wat hy eet, probeer ’n paar ekstra kilogram afskud en sluit by die plaaslike gimnasium aan waar ’n instrukteur help om sy liggaam te oefen. Ná ’n periode van drie maande voel die persoon baie beter omdat hy reg eet. Die skaal wys die ekstra kilogramme is afgeskud en die lui en ongeoefende spiere is baie meer soepel. Daar hang selfs ’n medalje in die glaskas vir ’n 10 km-padwedloop wat onlangs voltooi is. Net daar besluit die persoon hy het nou bereik wat hy graag wou, of dat dit té harde werk is om met hierdie oefening en gesonde leefstyl vol te hou. Die resultaat is voorspelbaar. Oor drie maande is hy weer ongesond, onaktief en onfiks.

Die punt is dat herlewing iets is wat daagliks moet plaasvind. Jy moet jou dissiplineer om die vrug van die Gees en ander geestelike gawes in te oefen om soos ’n nuwe mens in Christus te voel. Jy moet elke dag toegewyd hieraan werk en die Heilige Gees toelaat om in jou te werk sodat jy ’n verskil in die wêreld rondom jou kan maak, en ander mense hierdie verskil kan beleef. Hebreërs 5:14 praat van … *die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei*. Herlewing moet dus geoefen word, anders kom dit tot niks.

Dink ook maar aan ’n vrugteboom in die tuin. Wanneer daardie boom gereeld water kry, kunsmis toegedien word, gesnoei word en onkruid uitgetrek word, dra dit vrugte. En let maar op hoe die nuwe groei van die boom ’n mens na ’n goeie bui reën verras. Daar is niks soos reënwater om hierdie boom te laat groei en te laat vrugdra nie. In die konteks van herlewing is die Heilige Gees die reënwater wat in jou moet werk om nuwe en hernude groei te laat plaasvind. Stel jouself dus oop vir die werking van die Heilige Gees.

## Begin by jouself

Die maklikste manier om herlewing te bewerkstellig, is menslik gesproke om by jouself te begin. Gebruik die bekende sêding in Afrikaans as vertrekpunt: “Wees die verskil wat jy self wil sien.” Doen opnuut moeite met jou persoonlike Bybelstudie. Sonder jou af en gaan na jou binnekamer soos die Woord ons leer en bid tot God, bestudeer sy Woord en laat toe dat Hy nuwe groei in jou geestelike lewe bewerkstellig. Dieselfde geld vir ons gesinne met huisgodsdiens ondom die eetkamertafel. Dit kring natuurlik ook verder uit na getroue kerkbywoning en betrokkenheid by die gemeentelike aktiwiteite. Neem deel aan die jaarlikse Bybelkenniseksamen, neem

leiding by die basaar deur met jou talente te woeker en jy sal verstom staan oor die herlewing binne-in jou, maar ook rondom jou.

### Bestudeer en leer ken die kerkalmanak

Weet wat en wanneer is Lydenstyd, Paasfees, Hemelvaart, Pinkster, Hervormingsfees, Advent en Kersfees. Rig jou persoonlike Bybelstudie hiervolgens in, maar neem veral deel aan die aksies wat jou gemeente hieromtrent loods. Maak seker dat jy as belydende lidmaat gereeld die nagmaal gebruik en word versterk in jou geloof deur die gebruik van die brood en die wyn. Die positiewe aksies wat hieruit voortspruit, staan bekend as hernude groei en herlewing.

### Herlewing is 'n werkwoord

Dis veral baie belangrik om te besef dat herlewing nie 'n begrip is nie, maar 'n aksie. Herlewing is 'n werkwoord! Al wat nodig is om herlewing in ons skole, werkplekke en gemeentes te laat gebeur, is passievolle, Geesvervulde individue wat sal opstaan en sê: "Tot hiertoe. Dis nou genoeg!" Genoeg van enigiets wat die kwaad oor die goeie laat seëvier. Dit is leerlinge, onderwysers, ouers, werknemers en werkgewers wat bereid is om Christus eerste te stel in dit wat gesê, gedoen en gedink word. Dit is mense wat bereid is om aktief leiding te neem om van die wêreld in hulle omgewing 'n beter plek te maak. Gaan lees gerus weer Jesaja 6:8: *Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my.*

### Liewe Pa en Ma

- Herlewing begin by jouself.
- Herlewing moet daagliks geoefen word.
- Herlewing is 'n werkwoord.
- Herlewing spoel oor na jou gesin, jou werk en jou gemeente.

---

«Vervolg vanaf bl. 34

## Herlewing: 'n Volk staan op uit die as

maatskaplike werker. Mettertyd word meer instellings ingesluit en geopen. Vandag baat derduisende hulpbehoewende kinders by instellings en opheffingsprojekte wat uit die nederige begin gegroei het. Kriel se woorde oor sy lewenswerk raak 'n mens diep: "Ek dank die Here dat ek gehoorsaam was, maar vol geloof was ek ongetwyfeld nie. Telkens as ek vir myself sê dat ek moet glo, word ek bang. Maar as ek sommer in gehoorsaamheid die oë toemaak en my opdragte aanpak, sorg die Here dat alles regkom."

Om terug te keer na Afrikaans: Tydens die vredesonderhandelinge in 1902 het Milner skynbaar gesê dat hy net een taal (Engels) vir die toekoms in Suider-Afrika wil sien. Daarop verklaar genl. JBM Hertzog: "Ek ook!" Ondanks die druk van Britse Imperialiste, word Hertzog 'n onwrikbare stryder vir die toekoms van Afrikaans.

In 1903 reis Joseph Chamberlain, die Britse minister van kolonies, saam met Milner deur Suider-Afrika. Sy boodskap is deurgaans dat die Afrikaners se heil daarin sou lê om eenvoudig die Engelse taal en kultuur te aanvaar. In Grahamstad verklaar hy: "You must feel ... that any aspirations for a separate Dutch identity ... are absurd and ridiculous." Hy het hom fel kritiek op die hals gehaal. In Pretoria ontmoet hy 45 man onder leiding van Hertzog en De Wet. Dit was 'n stormagtige vergadering waar Chamberlain deur die groep vasgevat is omdat Britse beloftes vir hulpbronne om moedertaalonderrig moontlik te maak, nie nagekom is nie. Hulle deins nie terug voor Chamberlain nie, al is hy toe as die magtigste politikus in Brittanje beskou.

Toe onderhandelings oor uniewording begin, aanvaar baie dat Engels die enigste amptelike taal van Suid-Afrika sou word. Selfs generaals Botha en Jan Smuts is geneë met die idee, maar danksy Hertzog en president MT Steyn se onwrikbare standpuntinname word "Hollands" (wat Nederlands en Afrikaans tesame veronderstel het) in 1910 saam met Engels die amptelike taal van die Unie van Suid-Afrika. In 1925 word Hollands deur Afrikaans as amptelike taal vervang.

Vandag is ons die erfgename van hierdie taal, kultuur en instansies wat herlewing ná die verwoestende oorlog moontlik gemaak het. In plaas daarvan om voor die groot internasionale Engelse voetspoor terug te deins, behoort ons ons unieke taal te koester en uit te bou, en selfs in tye van owerheidsweerstand ons kultuur met trots te handhaaf en uit te leef. Ons is dit aan ons moedige voorouers, maar veral aan ons nageslag verskuldig.

# SMELTOOND

• *Junie 2025* • **Deur Charlotte Möller**



# Oksimoron in "nederige pontifikaat"

*En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie* (Hand. 4:12).

Die afsterwe van pous Franciskus was wêreldwyd hoofnuus en lofbetuigings het van oraloor opgegaan. Baie Protestantse leiers het hom as "broer in Christus" beskou. Tog het sy laaste openbare optrede op 20 April, toe hy die Paas-aflaat toegestaan het, die teologiese kloof tussen die Rooms-Katolieke en Protestantse verlossingsleer weer duidelik uitgelig.[1]

Die Westminster belydenis van 1646 het die volgende oor die pous gesê: "... that Antichrist, that man of sin, and son of perdition, that exalts himself, in the Church, against Christ and all that is called God" (vgl. 25:6). In die 1789-hersiening is die verwysing na die pous as "that Antichrist …" geskrap. Waarom die aanvanklike skerp bewoording?

Sewentiende-eeuse teologie was so ingebed in die lewe en kultuur van die tyd dat daar geen sprake van skeiding tussen kerk en staat was nie. Stede en hele lande was gewoonlik óf pro-Rooms, óf pro-Protestants. Tydens die bewind van koningin Elizabeth I loods die Spaanse koning byvoorbeeld 'n aanval teen Protestantse Engeland, wat hy weer onder die oppergesag van die pous wou plaas. Laasgenoemde het selfs 'n dekreet uitgevaardig waarvolgens lojale Roomses nie trou aan Elizabeth hoef te bewys nie, wat hy as buite-egtelik beskou het. Waar die pous sy gesag wou laat geld, het hy nie geskroom om konings te gebruik om sy oorloë vir hom te voer nie.

Die stryd was egter nie net polities nie. Die Konsilie van Trente (1547), die amptelike vergadering van die Rooms-Katolieke Kerk, het die Protestantse leer van verlossing deur geloof en genade alleen, veroordeel. Gekombineer met die talle oorloë teen en vervolging van Protestante, het Protestantse teoloë geglo dat hulle midde die finale stryd van die eeue, die stryd van die Antichris teen die kerk van Christus, is. Hulle wou die kerk beskerm en het verklaar dat die póús die Antichris is.[2]

Die Argentynse priester Jorge Mario Bergoglio is van die begin van sy pontifikaat af as "die nederige pous" beskryf. Nederigheid het hom die naam "Franciskus" laat aanneem; hy het gelowiges gevra om vir hom te bid, eerder as andersom; hy het sommige van die oordadige voordele van pousskap van die hand gewys en gekies om 'n eenvoudiger lewe te lei. Sodoende het hy voorbeeldige nederigheid getoon.

Soos enigeen van ons, kan 'n pous slegs nederig wees as hy aan God alleen die hoogste eer en gesag toeskryf. Tog steel die Roomse leerstelling oor die pousdom die eer en gesag van Jesus Christus en skryf dit aan die pous toe. Vir 'n pous om waarlik nederig te wees, moet hy die amp van pous en die leerstelling daaromtrent verwerp.

Volgens Roomse leer is die pous die plaasvervanger van Christus op aarde met opperste en onbelemmerde gesag oor die hele kerk, 'n mag wat hy altyd ongehinderd kan uitoefen. Christus het egter sy kerk aan die Heilige Gees toevertrou. Vir 'n pous om waarlik nederig te wees, moet hy sy aanspraak op oppergesag herroep en mense eerder na die sorg van die Heilige Gees lei.

Volgens Roomse leer is die pous onfeilbaar en as woordvoerder van God op aarde, kan hy die moeilikste vrae rakende lewe en leerstelling gesaghebbend en onfeilbaar aanspreek. Vir 'n pous om waarlik nederig te wees, moet hy sy eie feilbaarheid verklaar en homself onder die gesag van die Skrif plaas. Hy moet die kerk versoek om elke woord wat hy gespreek het en elke woord wat sy voorgangers voor hom gespreek het, in die lig van God se Woord te ondersoek.

Kanon 9 van die Konsilie van Trente is nooit herroep nie en bly die Roomse Kerk se amptelike standpunt oor regverdiging: "As iemand sê dat die goddelose alleen deur geloof geregverdig word; op so 'n manier dat dit beteken dat niks anders nodig is om saam te werk om die genade van regverdiging te verkry nie, en dat dit geensins nodig is dat hy voorbereid en beskik word deur die beweging van sy eie wil nie; laat hom 'n banvloek wees." Diegene wat regverdiging deur geloof alleen bevestig, word dus onder God se vloek geplaas en is volgens die Roomse Kerk aan God se toorn onderworpe. Vir 'n pous om waarlik nederig te wees, moet hy die Roomse Kerk se banvloek teen die leerstelling van regverdiging deur geloof alleen herroep en die waarheid wat die Bybel daaroor leer, bevestig.

Ons bewonder mense wat goeie dinge doen. Tog moet ons versigtig wees om iemand as 'n voorbeeld van die deug van nederigheid te verhef. Vir enige pous om waarlik nederig te wees, moet hy ook die titels van U Heiligheid, of Heilige Vader verwerp. Maar die belangrikste om te verwerp, is dat hy die plaasvervanger van Christus is.[3] 😊

-----------------------------------------------------

1. https://bit.ly/45aAQXC
2. https://bit.ly/4jT9GsN
3. https://bit.ly/4kqcnlH

Pretoria FM
hoop, glo, lééf
in Afrikaans

**Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.**


LUISTER HIER

Luister op DStv-kanaal 887 of op www.pretoriafm.co.za

JEUG
BOODSKAPPER
(012) 362 1390 • boodskapper@apk.co.za
No. 193 • Junie 2025



# Geroep deur die Gees om getuie te wees!



*Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is. Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is* (Mt. 10:32-33).

Op hoërskool het ek een Sondag saam met my vriende hul kerk bygewoon. Hulle was in een van daardie groot kerke met baie musiekinstrumente en ’n pastoor wat op ’n verhoog staan en preek. Ons noem dit ’n charismatiese kerk.

Die pastoor het daardie Sondag ’n getuienis van wat in sy lewe gebeur het, gegee. Hy het vertel hoe sleg hy was en hoe die Here hom verander het. Nadat hy klaar gepraat en vertel het hoe geseënd hy nou is, het hy uitgeroep: “Kom nader, kom staan hier voor en bely voor almal dat jy in Jesus glo. Kom ontvang die Heilige Gees. As jy dit nie vandag doen nie, sal jy nie die Here se seën ontvang nie.” Een vir een het die mense nadergestap om God se seën te ontvang. Waarom doen ons dit nie in die AP Kerk nie? Daar is ’n paar redes hiervoor.

## DIE NADEEL VAN ’N “ALTAR CALL” (KANSELOPROEP)

Die meeste van die tyd word mense in charismatiese kerke onder groepsdruk geplaas en gemanipuleer om vorentoe te gaan. Hulle reageer

nie soseer op die Heilige Gees of die Woord van God nie, maar eerder op wat ander mense doen. Ek sien hoe die persoon langs my opstaan en daarom doen ek dieselfde. In sekere kerke is daar selfs akteurs wat mense beïnvloed. Hierdie optrede kan daartoe lei dat mense op hul eie pogings staatmaak, eerder as om volkome op die werk van Jesus Christus te vertrou. Dit gebeur wanneer dit jóú keuse is om vorentoe te gaan en Jesus te bely – so asof God niks kan doen voordat jý nie eers besluit het om iets te doen nie. Dit gebeur dan dat ons hierdie keuse nie as die werk van die Heilige Gees sien nie, maar as ons eie. Dit kan onsekerheid oor ons verlossing skep.

## AP KERKE BELY JESUS CHRISTUS IN DIE KERK

Het jy al ooit gewonder waarom eredienste in AP kerke Sondae min of meer dieselfde verloop? Ons noem hierdie verloop of volgorde van gebeure tydens die erediens, die "liturgie". Dit sluit dinge in soos om die wet voor te lees, die Twaalf Artikels te bely, na die preek luister en tot eer van die Here te sing. Waarom doen ons dit? Want ons bely Jesus Christus in die erediens. Ons luister na die wet en bely ons sondes sodat God ons vergewe. As jy saam met die predikant die Twaalf Artikels opsê: "Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde. En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun ... En in die Heilige Gees." Daarmee sê jy: "Dit is wat ek glo! Ek glo dat Jesus Christus my sondes vergewe. Ek glo dat die Heilige Gees van God met my is en my elke dag lei. Ek glo ek is God se kind." Daarom sing ons tot eer van sy Naam.

## AP KERKE BELY JESUS CHRISTUS OOK BUITE DIE KERK

In Matthéüs 10 stuur Jesus sy dissipels in die wêreld in. Hy sê vir sy volgelinge dat die wêreld hulle sal haat en vervolg. Die wêreld sal sy kinders seermaak en doodmaak. Tog word Christus se dissipels in die wêreld gestuur om Hom voor hierdie mense te bely. Dit is ook ons opdrag. Ons moet Hom nie net by die kerk bely nie, maar deur die Gees word ons geroep om ook by die skool en in die winkels en op die strate, die Naam van Jesus Christus te bely.


In die AP Kerk word predikante deur die Heilige Gees gelei om die gemeente in die Woord te onderrig. Vir die AP Kerk is dit belangrik dat die Here deur sy Gees en Woord in jou hart werk sodat jy die Here in waarheid en liefde voor ander mense kan verheerlik.

Groete, ds. Emilé

En Hy sê: Moenie nader kom nie. Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilige grond. (Ex. 3:5)



**BLAAI DEUR DIE BYBEL**



# Vuur!






Vuur speel 'n belangrike rol in die Ou Testament. Nadat Adam en Eva gesondig het, verdryf God hulle uit die tuin van Eden en plaas engele met vuurswaarde by die ingang van die tuin om te keer dat hulle by die boom van die lewe kom. In Génesis 19 verwoes die Here Sodom en Gomorra met vuur oor hul sonde. God straf sonde met vuur.

In Levítikus 10 maak Nadab en Abíhu, Aäron se seuns, hul wierookpanne vol vuurkole om te offer. Hulle was ongehoorsaam deur die verkeerde vuur te gebruik en die Here straf hulle. Daar het vuur van die altaar gekom en al twee seuns verbrand. God straf ongehoorsaamheid met vuur.

God wys met vuur dat Hy naby sy kinders wil wees. In Génesis 15 sluit die Here 'n verbond met Abram en beloof dat sy nageslag so baie soos die sterre aan die hemel sal wees en dat Hy vir Abram 'n eie land sal gee. Die Here is in die vuurvlamme en rook wat tussendeur die middeldeurgesnyde diere gaan. God was by Abram om sy verbond te bevestig.

In Exodus 3 kom God in 'n brandende bos na Moses en sê vir hom om die Israeliete uit Egipte te gaan verlos. In Exodus 19 kom God vanuit 'n vuur

op Sinaiberg af en gee die Tien Gebooie vir sy volk. Toe die Israeliete uit Egipte trek, was die Here snags in ’n vuurkolom by hulle om hulle veilig na Kanaän te lei. God is in vuur om sy volk die regte pad te wys.

In 1 Konings 18 gebruik God Elía en vuur om vir sy volk te wys wie die ware God is. Toe hulle weer aan Baäl wil offer om vir reën te vra, sê Elía dat hulle ’n bul moet slag, dit op ’n houtstapel sit en vir Baäl vra om die offer aan die brand te steek. Niks het gebeur nie. Elía maak toe sy offer gereed en gooi drie keer vier groot panne water oor die brandoffer en hout. Toe bid hy. Skielik het vuur van die Here uit die hemel gekom en die brandoffer, die hout, die klippe en die grond verbrand. Elía was getrou aan God se opdrag. Aan die einde van sy lewe het ’n vurige strydwa met vlammende perde hom na die hemel opgeneem.

In Daniël 3 lees ons van nog ’n vuurwonderwerk. God se volk was in ballingskap in Babel en koning Nebukadnésar wou hulle dwing om ’n goue standbeeld te aanbid. Daniël se drie vriende Sadrag, Mesag en Abednégo weier, want hulle wou nie die tweede gebod van God se wet verbreek nie. Die koning straf hulle deur hulle in ’n vuurwarm oond te laat gooi. Die soldate wat die drie mans in die vuuroond moes gooi, het self weens die vreeslike hitte verbrand. Daniël se drie vriende het egter niks oorgekom nie en koning Nebukadnésar moes erken dat die God van Israel die enigste, ware God is.

In die Nuwe Testament lees ons ook van vuur. Voor sy hemelvaart het die Here Jesus vir sy dissipels gesê om in Jerusalem te wag vir die uitstorting van die Heilige Gees, wat hulle sou help om die boodskap van verlossing in Jesus Christus regoor die wêreld te verkondig. Tien dae ná Jesus se hemelvaart, terwyl hulle saam in ’n huis was, hoor die dissipels ’n geluid soos ’n sterk wind binne-in die huis. Skielik was daar ook klein vuurvlammetjies bokant elkeen en hulle is met die Heilige Gees vervul. Hulle het in onbekende tale begin praat. Dit was ’n spesiale geskenk van die Heilige Gees waarmee hulle alle mense van Jesus kon vertel.

In die laaste boek van die Bybel, Openbaring 19, lees ons ook van vuur. Daar word vertel van die finale oorlog wat Jesus Christus teen Satan en sy bose magte voer en dat Hy hulle gevange neem en in die ewige vuurpoel gooi.

(1) Soek en omkring al die woorde wat in die blokkie versteek is. (2) Die “ongebruikte” letters spel twee Skrifgedeeltes uit wat in Psalm 119 voorkom. Skryf die letters in die onderstaande spasies en ontsyfer die twee teksgedeeltes. Enkele letters word voorsien om jou te help.

_ _ _ _ _ _ E   _ _ _   _ _ _   _ _ _ G _ _ _ _ _   _ _   _ _ _   _ _ _ W _ _ _ _ _ ?

_ _ _ R   _ _ _   _ _   _ _ _   _ _   U   _ _ _ _ _ _ !   U   _ _ _   _ _ E _ _ _ _ _   _ _

_ Y   _ _ _ _ _ _ _ N _ _ !

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| G | R | O | E | N | S | T | R | O | O | M | W | A | E | A | R | N |
| M | S | I | E | L | M | I | L | D | E | E | E | A | S | W | E | A |
| V | L | O | E | I | D | O | N | K | E | R | D | K | R | O | O | N |
| O | B | R | O | N | L | H | E | R | D | E | R | D | D | L | I | E |
| J | S | P | O | O | R | O | N | G | E | L | I | E | N | W | G | S |
| Y | P | A | D | S | U | I | W | E | R | H | G | O | U | E | D | E |
| W | E | L | B | E | H | A | E | U | R | V | Y | A | N | D | E | G |
| D | B | E | K | E | R | W | S | G | I | T | T | V | E | L | D | E |
| U | E | H | T | O | E | O | U | O | N | A | U | R | S | W | D | D |
| O | I | G | O | L | O | R | G | E | E | S | P | E | W | S | O | U |
| W | A | T | E | R | S | D | U | D | H | G | R | U | A | T | O | R |
| S | H | W | T | E | K | T | U | H | U | I | O | G | K | I | D | I |
| E | O | Y | N | R | R | I | S | E | I | S | O | E | K | L | S | G |
| I | O | N | S | H | E | E | R | I | S | M | I | D | E | L | D | Y |
| R | F | H | A | N | D | K | A | D | S | T | A | F | I | E | A | A |
| N | E | E | R | L | E | D | S | M | A | V | A | S | T | E | L | N |
| S | K | A | P | E | D | R | U | I | P | T | N | P | Y | N | P | E |


# SOEKWOORDE: BERYMDE PSALM 23

**_Opgestel deur Daleen Pienaar_**

Antwoorde

| | | |
|---|---|---|
| Beker | Hoof | Stille |
| Bron | Huis | Stroom |
| Dae | Kroon | Swakke |
| Diep | Lewe | Tafel |
| Donker | Milde | Troos |
| Doodsdal | Neerle | Uittrek |
| Druip | Olie | Vaste |
| Gedoen | Prooi | Velde |
| Gedurig | Pyn | Vloei |
| Gees | Sagte | Vreug |
| Goedheid | Siel | Vyande |
| Groen | Skape | Waters |
| Hand | Skrede | Welbehae |
| Heer | Spoor | Wolwe |
| Herder | Staf | Wyn |

# DIE GEES LAAT HERLEEF!



**Arrie van den Berg**[1]

As jongmens is die gedagte van dominee wees, of selfs net om in die bediening te staan, vir enigiemand ’n laaste keuse. Waarom sal iemand Sondae op ’n preekstoel wil staan as hulle eerder mense se lewens as dokters kan red, of miskien ’n ontdekkingsreisiger wees, of selfs dalk ’n ruimtevaarder of geheime agent? Dit alles klink baie meer opwindend! Kom ons plaas dit vir ’n oomblik in ’n ander lig. As God se kinders word ons deur die Heilige Gees geroep om alles vir die Here te doen. Selfs al word jy ’n dokter, moet dit wees omdat die Heilige Gees jou lei. As mense wil ons altyd doen wat die wêreld as baie mooi en goed sien.

## DIE GEES LAAT LEEF

In ’n wêreld wat die sonde liefhet, hou min mense daarvan om deur die Gees te leef. Daarom twyfel baie mense of hulle die Heilige Gees het. Wat beteken dit om deur die Gees te leef? As ons kyk na Johannes 14:26, sien ons hoe die Heilige Gees die mens leer en lei. Net God kan die wil van sy kinders deur sy Gees verander. Hy roep mense om Hom te dien. As jy vir God werk, is dit omdat die Gees jou laat leef. Dit wil sê, ongeag of jy gedink het jy is goed genoeg om vir die Here te werk, God sal deur sy Gees daarvoor sorg. Want dit is die Heilige Gees wat jou alles gee wat jy nodig het om in God se perfekte plan in te pas.

## DIE GEES VERANDER

Net soos ons sondige natuur deur die Heilige Gees verander word (vgl. Kol. 3:10), word ons deur God verander en voorberei vir dit waarvoor Hy ons geroep het. Die bekende verhaal van Paulus sluit baie mooi hierby aan. In Handelinge 9 lees ons hoe hy sy lewe daaraan toewy om die kerk van Christus te vervolg. Paulus wou die kerk uitwis. Dan lees ons hoe die Gees sy lewe verander en skielik offer hy sy lewe op om die evangelie te versprei. Van die een uiterste na die ander. Dit is wat gebeur wanneer die kragvolle werking van die Heilige Gees jou verander. Jy lyk anders en jy tree anders op.

## DIE GEES ROEP

Die Heilige Gees verander ons en lei ons om vir God te werk. Maar hoe weet ons waarvoor die Gees ons roep? Daar is natuurlik baie verskillende maniere om vir die Here te werk. Byvoorbeeld as predikant, sendeling of selfs om by die skool al jou maats van God te vertel. Miskien roep die Gees jou om Bybels te versprei. Die Here sal deur sy Heilige Gees jou lei waar Hy jou wil gebruik.

Ons lees in Exodus 3:11-12 dat Moses ook deur die Here geroep is. Alhoewel dit op ’n baie spesiale manier was, was dit duidelik ’n roeping van God af. Moses was deurmekaar en onseker. Dan sê God vir hom dat Hy met hom is en hom sal help.

---

**Net so kan dit wees dat ons onseker of bang is om so ’n groot stap in ons lewens te neem. Ons kan dalk twyfel en wonder of ons die Heilige Gees het. Kyk op na God en luister na sy Woord.**

---

Deur die werking van die Heilige Gees kan ons vertrou dat God met ons sal wees net soos wat Hy by Moses was. Soos wat ’n soldaat in diens van sy koning is, so is ons in diens van ons Koning. Daar is geen groter eer as om deur die Heilige Gees in diens van die Allerhoogste te staan nie – vir sy wil en tot sy eer!



1. Student by die AP Akademie.